

sou beskou kon word as onafhanklike regverdiging vir die feit dat oordragkenmerke, met of sonder formele nuanseringe, noodsaaklik is vir die verklaring van metaforiese prosesse.

1.5.3.3.2 Die transderivasionele oordragbeperking - Paul Werth

Behalwe Sanders (1973) inkorporeer ook Werth (1977) sy eksplikasie van die verskynsel metafoor binne die raamwerk van Generatiewe Semantiek. ⁶³⁾ Soos Sanders wys ook Werth op enkele probleme in pre-generatief-semantiese tiperings van metaforiese taalgebruik. So byvoorbeeld verskaf kopulasinne volgens hom teen-evidensie vir Matthews (vergelyk 1.5.1.2 hierbo) se stelling dat 'n oorskryding van seleksiebeperkinge 'n nodige kondisie sou wees vir die herkenning van metaforiese taalgebruik. Werth wys daarop dat nog nêrens gespesifiseer is wat die seleksiebeperkinge tussen subjek en komplement van die kopulaverbum sou moes wees nie, en voeg daaraan toe:

Since copulative sentences (van die 'X is Y' tipe) equate the X and Y terms in some way, what is needed presumably is not selectional restrictions, but statements of such semantic relationships as logical inclusion and equivalence between Nps (1977:11) - (onderstreping van my).

Let op dat Sanders se herdefiniëringsreël vir kopulasinne juis geformuleer is in terme van logiese insluiting en/of ekwivalensie ten opsigte van die subjek en komplementnomina van sulke sinne. Dit is frappant dat Werth 'n vereiste stel waaraan Sanders reeds voldoen het; Werth se opmerking sou dus kon dien as ondersteuning van en motivering vir Sanders se instelling van transformasionele reëls wat die herdefiniëring van metafories gebruikte leksikale items in kopulasinne reguleer.

'n Verdere opvallende ooreenkoms tussen die opvattinge van Werth en Sanders is die beklemtoning van die meerduidigheid van metaforiese uitdrukkings soos:

(72) That ape just spoke to me

(74) The chair scurried across the room

Afhangerde daarvan of kenmerke toegevoeg is aan ape of geskrap is by spoke, kon (72) volgens Sanders respektiewelik beteken: 'n aapagtige persoon wat praat, of 'n nie-menslike primate wat vokaliseer. Vergelyk

nou hiermee Werth se verduideliking van (74):

... notice how we actually interpret such a metaphor; our apperception of the object involved becomes dual. On the one hand, the chair is invested with animate qualities of independent motion, volition, and even perhaps fear or caution. On the other hand, the chair is simply a chair which moves across the floor because of some external agency, such as an earth tremor. Thus the chair is both a chair and some animate creature such as a spider; the movement is both volitional and fortuitous. We reinterpret both the subject and the predicate, while retaining their usual meanings (1977:14). 64)

Skematies kan Werth se interpretasie van (74) hierbo soos volg aangedui word:

(74) i. The chair SCURRIED across the room

Raam Fokus
(independent motion)
(volition)
(fear)
(caution)

The chair SCURRIED across the room

Raam Fokus
(external, fortuitous,
non-animate movement)

In die eerste geval word kenmerke van die verbale fokus oorgedra op die subjek NP, sodat chair daardeur iets anders gaan beteken as 'n gewone, letterlike stoel; in die tweede geval word die verbale fokus-aksie "aangepas" by die nie-lewende aard van 'n letterlike stoel. Die laaste geval stem ooreen met Sanders se skraping van kenmerke van die verbale fokus spoke in sy tweede interpretasie van (72) in die betekenis van 'n nie-menslike prismaat wat vokaliseer, deurdat die nie-lewende kenmerk van scurried die nie-lewende kenmerk van die subjek NP chair reflekteer, net soos die kenmerk [-menslik] van spoke die nie-menslike aard van die subjek ape weerspieël. Werth se verklaring van (74) soos uiteengesit in (74)(i) hierbo verskil egter in belangrike opsigte van dié van Sanders ten opsigte van (72): die fokus bly vir Werth in albei die verklarings dieselfde, terwyl dit by Sanders verskuif vanaf die subjek NP na die verbum; toevoeging van kenmerke in die eerste verklaring geskied vanuit die fokus op die raamwerk, en nie omgekeerd soos die

geval is in Sanders se aanduiding van die toevoeging van kenmerke nie. Werth se verklaring illustreer dus die wedersyds-bepalende invloed van subjek en predikaat op mekaar in sinne soos (74), waar die fokus van die metaforiese uitdrukking 'n verbum is.

Werth karakteriseer die meerduidigheid van metaforiese prosesse as "the mechanics of double-vision" (1977:14) en stel dit as 'n vereiste dat 'n adekwate beskouing van die metafoer binne 'n generatief-semantiese teksgrammatikamodel voorsiening moet maak vir 'n dergelike tweeledige interpretasie van metaforiese uitdrukkings. Ten einde te voldoen aan dergelike eise voer Werth vervolgens 'n "transderivational transfer constraint" in, ⁶⁵⁾ wat gedeeltelike semantiese identiteit tussen tenor en vehicle teweegbring. Dit maak egter óók voorsiening daarvoor dat die vehicle-konfigurasië gedeeltelik of in die geheel oorgedra kan word op die tenor - dus sal die chair in (74) eienskappe soos lewend, spoed, en selfs vrees, versigtigheid en spinagtigheid kan aanneem. ⁶⁶⁾

Dit is belangrik om daarop te let dat Werth se tweeledige interpretasie van (74) nie lei tot twee verskillende metaforiese uitdrukkings soos Sanders se meerduidige verklaring van (72) nie. Werth karakteriseer naamlik die wederwydse invloed van fokus en raamwerk op mekaar - 'n interaksie tussen horisontaal-inkongruente leksikale items wat uitloop op 'n soort dubbele verwysing vir sowel die letterlike nominale subjek NP as die verbale fokus. Die figuurlike verandering wat chair ondergaan as gevolg van die attributiewe hoedanigheid van die verbale fokus, illustreer Brooke-Rose se opmerkings in verband met die impliserende verandering wat verbale fokusse teweegbring in die betekenis van letterlike nomina waarmee hulle grammatikaal verbind is. Waar Weinrich se funksie van die kontradeterminerende raamwerk ten opsigte van die fokus in metaforiese uitdrukkings geïnkorporeer is in die opvattinge van Weinreich, Lambert en Sanders, is dit egter veral frappant dat Werth die eerste navorser binne 'n TGG-raamwerk is wat formeel aandui hoe oordrag van kenmerke plaasvind vanuit die afwykende item op die letterlike sintaktiese konteks en nie omgekeerd nie. Hiermee inkorporeer hy dan Black se tese dat die fokus van 'n metaforiese uitdrukking beslisse semantiese implikasies inhou vir leksikale items uit die letterlike raamwerk. Matthews en Abraham het natuurlik ook aangedui hoe die fokus wolf in Black se voorbeeldsin (8) die betekenis

van die hoofonderwerp man in die letterlike raamwerk bepaal. Daar was dit egter eerder 'n paradigmatische interaksie tussen die semantiese velde van vehicle (fokus) en tenor (uit die letterlike raamwerk). By Werth word die impliserende krag van die verbale fokus egter geïllustreer in 'n sintagmatiese interaksie tussen inkongruent-gekombineerde leksikale items. Let op dat Werth volgens die bostaande uiteensetting die inkongruensie tussen fokus en subjek NP uit die letterlike raamwerk betrek in sy verklaring van die metaforiese proses; ook die analogiese basis tussen fokus (scurried) en letterlike subjek NP chair word egter geïnkorporeer in sy transderivasionele oordragbeperking. Beklemtone van inkongruensie lei tot die oordrag van kenmerke (in Werth se terme) uit die "vehicle-language" op die "tenor-language"; nadruk op analogie sorg vir 'n gedeeltelike semantiese identiteit tussen letterlike subjek NP chair en figuurlike verbale fokus scurried as laasgenoemde getipeer word as 'n "non-animate"-aksie. Hierdie konsentrasie deur Werth op sowel inkongruente as analogiese aspekte binne 'n metaforiese uitdrukking kan vergelyk word met die onderskeiding wat Miller (1971) tref tussen respektiewelik "negatiewe" en "positiewe" metafore. Vergelyk:

To call metaphor 'duple unity' suggests that the third meaning which comes into existence with the equation of tenor and vehicle is achieved by balancing attractions and repulsions between the engrammatic complexities suggested in the reader's mind by the two words. The proportions of attraction and repulsion vary greatly from metaphor to metaphor. If a continuum is constructed to represent this variation, we have at one extreme the 'positive' metaphor and at the other extreme the 'negative' metaphor... A positive metaphor is one whose primary effect is achieved by means of attractions (similarities) between the engrammatic tenor and the engrammatic vehicle. The 'perfect' negative metaphor would be one in which the disparity between tenor and vehicle is complete (1971:129-130).

Miller se tenor/vehicle-onderskeiding kan dan uitgebrei word om ook die verhouding tussen raamwerk en fokus in te sluit. Dit is belangrik dat Miller dit beklemtoon dat géén metaforiese uitdrukking óf geheel en al positief, óf geheel en al negatief kan wees nie. Anders gestel: Werth se transderivasionele oordragbeperking illustreer in sy inkorporering van inkongruente sowel as analogiese aspekte die noodsaaklike gelyktydige aanwesigheid van sowel positiewe as negatiewe assosiasies tussen die letterlike en figuurlike pole van alle metaforiese uitdrukkings. Inkongruensie en ooreenstemming fungeer dus vir Werth tegelyk in wat hy noem 'n tweeledige ("dualistic") interpretasie van figuurlike taalgebruik.

Ten slotte kan opgemerk word dat Werth se transderivasionele oordragbeperking ("constraint") volgens hom betrekking het op die grammatikas van sowel spreker as hoorder: in ooreenstemming daarmee kan die spreker twee strukture amalgameer by metaforiese prosesse; omgekeerd kan die hoorder twee (semantiese) strukture onderskei in metaforiese uitdrukkings met behulp van so 'n formele prosedure.

Belangrik in die benaderinge van sowel Sanders as Werth is die poging om binne die mees resente rigting in huidige semantiese teorieë van die moderne linguistiek ⁶⁷⁾ formele prosedures te ontwikkel wat nie net bly steek in 'n beskrywing van die metafoor nie, maar inderdaad ook 'n gesofistikeerde linguistiese apparaat daarstel vir die interpretasie van die metafoor. 'n Verdere konsekwensie van Sanders se herdefiniëringsreëls en Werth se transderivasionele oordragbeperking is die suggestie dat die metafoor geïnkorporeer kan word in die reëls van 'n grammatika van "normale" taalgebruik. Die algemene opvatting in TGG-benaderings dat 'n metaforiese uitdrukking herkenbaar en beskryfbaar sou wees in terme van reëloorskryding (dus klassifiseerbaar as "afwykende", dit wil sê "deviant" taalgebruik) word hiermee bevraagteken. Veral lê post-interpretatiewe benaderings die klem op die noodsaaklikheid van 'n semantiese interpretasie van metaforiese uitdrukkings - sinne waaraan as semanties anomale reekse in die Katz/Fodor-voorstel geen afgeleide lesings toegeken is nie.

1.6 Samevatting

Uit al die voorafgaande beskouinge oor die herkenning en beskrywing van metaforiese taalgebruik kan twee sentrale karakteriserende eienskappe daarvan uitgelig word: respektiewelik die sintagmatiese en paradigmatiese relasies van die metafories gebruikte leksikale item(s) in sowel mikro- as makroskopiese kontekstuele omgewings.

1.6.1 Inkongruensie in 'n sintagmatiese relasie

Die sintagmatiese tipering van die metafoor is begin (in 1.1 hierbo) met Black en Weinrich se afgrensing van één figuurlik gebruikte woord van die ander letterlik fungerende woorde in 'n mikroskopiese sintaktiese konteks. Daar is ook aangetoon dat albei outeurs die

interaksie beklemtoon tussen aan die een kant die fokus (dit wil sê metafories gebruikte leksikale item(s)), en aan die ander kant sy kontradeterminerende raamwerk (dit wil sê letterlik fungerende sintaktiese omgewing). Dit is 'n interaksie wat berus op, en inderdaad veroorsaak word deur, 'n kontrasterende verwantskap tussen fokus en raamwerk. Black stel immers die raamwerk as 'n noodsaaklike kondisie vir die herkenning van 'n figuurlik fungerende fokus. By 'n interpretasie van die metaforiese uitdrukking speel egter veral die letterlike implikasies van die fokus, dit wil sê sy sisteem van geassosieerde gemeenplasighede, 'n bepalende rol ten opsigte van betekenis- of begripsveranderinge van 'n woord of woorde uit die letterlike raamwerk. Daarenteen beklemtoon Weinrich die rol van die letterlike raamwerk in die betekenisverandering wat die fokus ondergaan in hierdie besondere sintaktiese omgewing. Hy karakteriseer naamlik die proses van kontradeterminasie as die verrassingseffek wat teweeggebring word deur die oorspronklike betekenis van die fokus in sy letterlike determinasieverwagting, en die werklike determinasie van die konteks, wat daarteen gerig is, en wat terselfdertyd 'n nuwe en ongewone signifikanse afdwing op die fokus.

Die inkongruensie wat ten grondslag lê aan so 'n wedersyds-kontrasterende beïnvloeding van lineêr gerangskikte leksikale items in metaforiese uitdrukkings word in TGG-benaderings (vergelyk 1.5 hierbo) meer genuanseerd gespesifiseer as of 'n oorskryding van sintaktiese seleksiebeperkings in semi-grammatikale sinne (Chomsky en Matthews), of anders gedefinieer as 'n oortreding van semantiese seleksiebeperkings in semanties anomale sinne (Katz/Fodor en Abraham). Ook die Black/Weinrich-interpretasie-metodes van metaforiese uitdrukkings word in TGG-benaderings verantwoord: die invloed van die fokus op die raamwerk geskied deur middel van 'n transderivasionele oordragbeperking (Werth); determinering van die fokus deur die raamwerk word verkry met behulp van oordragkenmerke (Weinreich), kususbeïnvloeding (Lambert) en herdefiniëringsreëls (Sanders). Binne 'n tradisioneel-linguistiese benadering is dit Brooke-Rose (vergelyk 1.3 hierbo) wat spesifiseer dat veral adjektiewiese en verbale fokusse 'n impliserende krag uitoefen ten opsigte van onder andere nomina in die letterlike raamwerk.

Uit die bostaande kompleterende beskouings blyk dat die sintagmatiese

relasies van metaforiese uitdrukkings berus op 'n interaksie tussen fokus en raamwerk - 'n interaksie waar wedersydse betekenisbeïnvloeding van die twee dele van die metafoor deurgaans gelyktydig en gesamentlik fungeer om uiteindelik die nuwe betekenis (signifikans) van die hele metaforiese uitdrukking te beslis.

1.6.2 Analogie in 'n paradigmatische verhouding

Die paradigmatische dimensies van die metafoor word veral uitgewerk met 'n strukturalisties-linguistiese raamwerk as uitgangspunt. Horisontale inkongruensie, wat neerkom op 'n onversoerbare kombinasie van die semantiese kenmerke van respektiewelik figuurlike fokus (adjektiewies, verbaal of nominaal) en letterlike raamwerk, is nog steeds beslissend vir die herkenning of signalering van metaforiese taalgebruik (Lüdi). By 'n interpretasie van die metaforiese proses is die klem egter nou nie meer op 'n horisontale interaksie tussen fokus en raamwerk nie maar eerder op 'n vertikale relasie van die fokus met al die leksikale items uit die semantiese paradigma, wat sonder inkongruensie met die raamwerk die afwykende item of fokus posisioneel sou kon vervang in 'n letterlike uitdrukking. Sô 'n vertikale relasie is byvoorbeeld - op grond van 'n analogiese basis - moontlik tussen enersyds 'n aanwesige nominale, verbale of adjektiewiese vehicle en andersyds 'n korresponderende ongenoemde nominale, verbale of adjektiewiese tenor (Leech, soos aangevul met Ingendahl en Brooke-Rose). Die paradigmatische relasie in 'n metaforiese uitdrukking betrek egter ook die verskillende semantiese velde van tenor en vehicle in alle moontlike verhoudings daarvan, dit wil sê óók byvoorbeeld in oppervlakte- en gesuspendeerde metafore (Black en Weinrich soos aangevul met Miller). Die interaksie tussen die semantiese velde van tenor en vehicle lei dan daartoe dat die semantiese veld van die vehicle geprojekteer word op, en selfs opgeneem word in, die semantiese veld van die tenor (Ingendahl). Binne 'n TGG-raamwerk ekspliseer die formele prosedure van re-topikalisasie, waardeur herstrukturering en herordening van die semantiese kenmerke van die vehicle tot stand kom, watter semantiese implikasies sô 'n projeksie inhou vir 'n herinterpretasie van die tenor (Abraham en Matthews).

Samevattend kan gesê word dat die metafoor blykens die voorgaande

teorieë sowel sintagmaties as paradigmatises gedetermineer word. 'n Sintagmatiese verbinding berus op 'n inkongruensie tussen fokus en raamwerk; 'n paradigmatisiese verhouding vereis 'n gemeenskaplike analogiese basis tussen die verskillende semantiese velde van tenor en vehicle.

2. EKSPLISERING VAN DIE TERMINOLOGIE - beskrywing en illustrasie van metaforiese patrone in 'n gedigkonteks

In die vorige afdeling is gekonsentreer op 'n bekendstelling van 'n aantal teorieë wat die herkenning van die verskynsel metafoor ekspliseer. Dit was onvermydelik dat in so 'n identifikasie van metaforiese taalgebruik ook die verklarings of interpretasies van metaforiese prosesse reeds terloops betrek moes word. Nietemin was die doel van die analise van die onderskeie letterlike en figuurlike dele binne meesal mikroskopiese sintaktiese eenhede steeds 'n poging om die herkenning van die verskynsel metafoor in sy afsonderlike onderafdelings te vergemaklik. Die terminologiese apparaat vir die beskrywing van die metafoor wat op dié manier ontwikkel is aan die hand van mikroskopiese sintaktiese eenhede sal vervolgens getoets word binne 'n makroskopiese gedigkonteks. Vergelyk N.P. van Wyk Louw se Vroegherfs:

- (75)
1. Die jaar word ryp in goue akkerblare,
 2. in wingerd wat verbruin, en witter lug
 3. wat daglank van die nuwe wind en klare
 4. son deurspoel word; elke blom word vrug,
 5. tot selfs die traagstes; en die eerste blare val
 6. so stilweg in die rook-vaal bos en laan,
 7. dat die takke van die lang populiere al
 8. teen elke ligte môre witter staan.
 9. O Heer, laat hierdie dae heilig word;
 10. laat alles val wat pronk en sieraad was
 11. of enkel jeug, en vër was van die pyn;
 12. laat ryp word, Heer, laat U wind waai, laat stort
 13. my waan, tot al die hoogheid eindelijk vas
 14. en nakend uit my teerder jeug verskyn.

2.1 Sintagmatiese inkongruensie in mikroskopiese en makroskopiese kontekste - die interaksie tussen fokus en raamwerk

Die metafoor word eerstens bekyk soos dit gemanifesteer word in 'n sintagmatiese groepering van horisontaal-inkongruente leksikale items. Die onderskeiding tussen fokus en raamwerk sal in dié verband geëkspliseer word in terme van 'n oortreding van semantiese seleksiebeperkinge - waarby ingesluit is die tipering van enige onversoembare sintaktiese kombinasie van leksikale items -, tensy 'n onbetwisbaar sintaktiese kenmerk oorwegend verantwoordelik gehou kan word vir die inkongruente groepering. Die gedigkonteks sal vir dié doel verdeel word in eenhede van kleiner en groter omvang. Mikroskopiese konteks-tuele eenhede behels enersyds die afbakening van sintaktiese gedeeltes soos aangedui deur die punktuasie in die gedig, en andersyds die onderskeiding van kleiner "sinvolle" sintaktiese groeperings binne hierdie eenhede. Makroskopiese eenhede neem die formele organisasie van die gedig in ag in die bespreking van kwatryne, tersette, oktaaf en sestet (alhoewel deel van 'n siklus van vier sonnette word hierdie sonnet afsonderlik beskou en vir die doeleindes van hierdie bespreking getipeer as 'n makroskopiese eenheid).

Die eerste vier woorde van die gedig vorm 'n selfstandige kopulasin met 'n subjek NP die jaar en 'n verbale frase word ryp:

- (75) i. Die JAAR word ryp
Fokus

Die verbale frase word ryp, en meer spesifiek die adjektief ryp hierin, vereis in 'n sintakties kongruente kombinasie 'n subjek NP met die semantiese merkers (konkreet) en (vrug). Aangesien jaar egter die semantiese merker (abstrak) het, is daar 'n oorskryding van die seleksiebeperkinge van word ryp. Hierdie seleksiekenmerke van (word) ryp, naamlik $\langle(\text{konkreet})\rangle$ en $\langle(\text{vrug})\rangle$ kan nou volgens Weinreich se prosedure oorgedra word op jaar, sodat laasgenoemde dan die semantiese merkers (konkreet) en (vrug) toegevoeg kry. Onder invloed van die kontradeterminerende raamwerk (Weinrich) word jaar dus vergelykbaar met 'n konkrete rypwordende vrug van een of ander aard. So 'n prosedure stem ooreen met Sanders se herdefiniëringsreëls vir kopulasinne met 'n adjektief in plaas van 'n nomen in die

byvoorbeeld die verlede deelwoord uitgedos, sodat die adjektief ryp voorkom in 'n sintaktiese posisie wat normaalweg deur 'n verbum gedomineer word. Ryp kan om hierdie rede volgens Weinreich se prosedure die sintaktiese kenmerk [+Verbum] toegevoeg kry; daarby sal dan ook 'n semantiese kenmerk soos (versier) oorgedra word op hierdie leksikale item. Die woord ryp verrig dus in die eenheid van die eerste vers van die gedig 'n dubbele funksie: as deel van die raamwerk is dit in (75)(i) attributief-determinerend ten opsigte van die fokus jaar; as deel van die fokus in (75)(ii) en (iii) word dit self sintakties-semanties gedetermineer deur twee verskillende sintaktiese frases uit die kontrasterende raamwerk van die eerste vers van die gedig. Dit is, alhoewel nie 'n tenor nie, vergelykbaar met Miller se komplekse metafoer waar die tenor vir een metafoer terselfdertyd 'n vehicle kan wees vir 'n ander metafoer. Miller se kategorie van die komplekse metafoer kan dus uitgebrei word tot 'n woord wat vir een metafoer deel van die raamwerk en vir 'n ander die fokus kan wees. Die effek van hierdie interaksie tussen fokus(se) en raamwerk(e) is dat die rypwordingsproses gekarakteriseer word as nie-konkreet, tydgebonde en dekoratief; terselfdertyd word jaar vergelykbaar met 'n fisiese objek wat die vermoë tot rypwording besit, en in goue akkerblare word 'n resultatiewe aanduiding van die proses van rypwording.

In die volgende gedeelte is die metaforisering hoofsaaklik aangewese op sintaktiese eksploitasie:

(75) iv. in wingerd wat VERBRUIN

Fokus

'n Mens het hier 'n Chomskiaanse kategoriale oortreding, aangesien 'n adjektief bruin omvorm is tot 'n verbum. In Weinreich se terme: 'n posisie wat gedomineer word deur 'n verbum word gevul met 'n formeel aangepaste kleuradjektief. S6 'n omvorming is veral opvallend weens die semantiese ooreenkoms wat hierdie gedeelte in (75)(iv) vertoon met die adverbiale preposisionele frase van (75)(iii), wat direk daaraan voorafgaan:

(75) v. in goue akkerblare

Die enkel kwalifiserende adjektief goue in (75)(v) word vervang met 'n kwalifiserende relatiewe bysin wat verbruin in (75)(iv). In ooreenstemming met Weinreich sou hierdie adjektiewies-verbale aksie verklaar kon word as "veroorzaak dat wingerd bruin word". In 'n geval soos hierdie, waar die adjektief en verbum bowendien nog die semantiese eienskap (kleur) gemeenskaplik het, blyk die generatiewe semantici se indeling van adjektiewe en verba in die dieptestruktuur funksioneel te wees. Goue en verbruin word naamlik respektiewelik met die onderskeidende sintaktiese kenmerke [+Adj.] en [-Adj.] onder die gemeenskaplike kategorie VERBUM aangedui in so 'n teoretiese raamwerk. Aangesien een kleur geverbaliseer word, word terugwerkend ook vir die adjektief goue 'n moontlike verbale aksie gesuggereer. Ook Lambert se kasusonderskeiding kom in die eksplisering van die bostaande geval goed te pas: die nomen wingerd word naamlik in agenskasus geaktiveer deur 'n toevoeging van die eienskappe [+lewend] en [+bedoeling]. Brooke-Rose se formulering van die attributiewe funksie van verbale en adjektiewiese fokusse moet egter ook hier in berekening gebring word: verbruin verander wingerd naamlik slegs op 'n subtiel-impliserende wyse sonder dat wingerd noodwendig daardeur geïdentifiseer sou kon word met 'n lewende objek soos dier of mens. Let op dat Weinreich se oordragkenmerk en Lambert se kasusbeïnvloeding in die bostaande voorbeeld aangewend is om te illustreer hoe die fokus die raamwerk verander en nie omgekeerd nie. Die implikasie hiervan is dat oordragkenmerke nie net die "afwykende" item amendeer nie maar dat dit ook kan aandui hoe die raamwerk beïnvloed word deur so 'n afwykende item as fokus. Let in die laaste instansie daarop dat verbruin as fokus ondersteunend fungeer ten opsigte van die adjektief ryp in die sentrale fokus word ryp in (75)(iii) hierbo. Retrospektief gesien is dit 'n versterking van die sintaktiese kenmerk [+Verbum] wat aan ryp toegeken is in navolging van Weinreich. Die verbale aksie, soos uitgedruk in die volledige verbale frase van (75)(iii), word hierdeur gereleveer sodat die hele verbale frase word ryp hiervolgens ekstra benadruk word as die fokus van vers 1 van die gedig. Die vernaamste effek hiervan is die suggestie dat die adverbiale preposisionele frases in goue akkerblare en in wingerd wat verbruin, behalwe dat hulle die verbale frase word ryp attributief kwalifiseer, terselfdertyd resultaat en voortsetting is van so 'n metaforiese rypwordingsproses.

Die derde agtereenvolgende kwalifiserende frase vir word ryp is vergelykbaar met die preposisionele frases in (75)(iv) en (v), alhoewel die preposisie in ontbreek:

- (75) vi. en witter lug wat daglank van die nuwe wind en klare
Fokus Fokus Fokus
son DEURSPOEL WORD
Fokus

'n Mens sou die inkongruensie tussen die verbale fokus en sy kontras-terende raamwerk in (75)(vi) eerstens soos Chomsky kon verduidelik as 'n semi-grammatikale sin wat seleksiereëls oortree. Die seleksie-beperinge van die verbum ten opsigte van die nomina wat as subjek en objek daarmee mag verbind in 'n grammatikaal welgevormde sin, is naamlik oorskry. Die verbale fokus deurspoel word vereis 'n subjek met die kenmerk [+menslik], en 'n objek met die kenmerk [+konkreet]. Die abstrakte nomina in subjek- en objekposisies veronagsaam egter hierdie seleksiebeperinge van die verbum. (Die feit dat die subjek NP's wind en son en die objek NP lug in 'n Chomskiaanse verklaring die afwykende leksikale items sou wees, is nie ter sake nie. Van belang is die feit dat (75)(vi) 'n semi-grammatikale sin is, omdat wind, son en lug die seleksiebeperinge van deurspoel word oorskry.) Chomsky se sintaktiese kenmerke [+menslik] en [+konkreet] sou egter net so goed as semantiese merkers (menslik) en (konkreet) in 'n Katz/Fodor-raamwerk getipeer kon word. Hierdie tipe sintakties-semantiese kenmerke word in die vervolg behandel as semantiese eienskappe, aangesien die sintaktiese funksie daarvan, anders as by die kategoriewisseling van verbruin in (75)(iv) en die sintakties-eienaardige koppeling van ryp en in goue akkerblare in (75)(iii) (waar die veronagsaming van sintaktiese reëls weldeeglik mede-bepalend is vir die metaforiese stelling), geen aparte of bykomende bydrae lewer tot 'n verklaring van die metaforiese proses nie. Die impliserende krag van die verbale fokus ten opsigte van die nomina waarmee dit sintakties verbind is (Brooke-Rose), kan in hierdie geval verantwoord word met behulp van 'n formele prosedure soos Werth se transderivasionele oordragbepering. Bepaalde eienskappe van die fokus (Werth se "vehicle-language") kan naamlik oorgedra word op die letterlike raamwerk (Werth se "tenor-language"). Son en wind word in so 'n prosedure gepersonifieer tot lewende agente

wat die reinigingsaksie gesuggereer in deurspoel word uitvoer; lug word 'n objek wat so 'n reinigingsprosedure ondergaan. Weinreich se oordragkenmerk (soos aangepas ten opsigte van (75)(iv)), sou verseker dat die subjekte die semantiese merker (menslik) en die objek die semantiese merker (konkreet) toegevoeg kry. Sanders se herdefiniëringsreëls (indien aangepas om ook veranderinge in die raamwerk te registreer) sal vir (75)(vi) basies dieselfde soort prosedure uitvoer as Weinreich se oordragkenmerk, aangesien dit gaan om die toevoeging en nie die skrapping van kenmerke nie. Lambert se kاسوبbeïnvloeding (weer eens: soos aangepas ten opsigte van (75)(iv)) sou aan son en wind in agenskasus die eienskappe [+lewend] en [+bedoeling] toeken; lug in objekskasus ("objective case") sou 'n kenmerk soos [+fisiese objek] kon verkry.

Dit is duidelik dat in al die bogenoemde beskrywingsmeganismes die invloed van die verbale fokus op die nomina in die letterlike raamwerk geïllustreer word. Dit is verder duidelik dat so 'n invloed gemanifesteer word in die projeksie van sommige kenmerke van die verbale fokus op die nomina waarmee dit sintakties verbind is. Hierdie kenmerke word as seleksiebeperkinge sintakties-semanties gedetermineer en reflekteer die leksikale implikasies (Sanders) van dié woorde waarmee hulle in 'n grammatikale relasie gegroepeer is. Die attributiewe funksie van die verbale fokus (Brooke-Rose) is hiermee oortuigend geverifieer. Die verbum fungeer egter ten opsigte van nomina in sy omgewing op presies dieselfde subtiel-impliserende wyse wanneer dit voorkom as deel van 'n kontradeterminerende raamwerk (vergelyk (75)(i) hierbo). Hieruit kan voorlopig gekonkludeer word dat verba altyd in metaforiese uitdrukkings die betekenis van die nomina waarmee hulle grammatikaal verbind is (dit wil sê dié in subjek- of objekposisie) implisiet sal beïnvloed, ongeag of hulle die fokus vorm van die metaforiese uitdrukking en of hulle fungeer as deel van die kontradeterminerende raamwerk. Hiermee word terselfdertyd geïllustreer dat die interaksie tussen fokus en raamwerk in 'n metaforiese uitdrukking inderdaad berus op 'n wedersydse semantiese beïnvloeding van die betrokke leksikale items in hierdie posisies. Die uitgangspunte van sowel Black as Weinrich het dus bestaansreg: die oordrag van eienskappe geskied òf via die fokus op leksikale items in die raamwerk (Werth), òf via die kontradeterminerende raam-

werk op die fokus as "afwykende item" (Weinreich, Lambert, Sanders). Die feit dat oordrag van semantiese eienskappe plaasvind, blyk dus die sentrale prosedure te wees by 'n realisering en verklaring van inkongruensie tussen fokus en raamwerk in metaforiese uitdrukkings. "Oordrag van kenmerke" word daarom in die vervolg gebruik as 'n oorkoepelende term vir die interaksie tussen fokus en raamwerk; 'n term wat terselfdertyd in sy uitgebreide "dubbele funksie" (dit wil sê in sowel die fokus as die raamwerk) aangewend word om die raakpunte in die standpunte van Weinreich, Lambert, Sanders en Werth te inkorporeer. Waar die individuele bydrae(s) van enige een van die bogenoemde outeurs funksioneel is, sal afsonderlik daarna verwys word.

Die sekondêre adjektiewiese fokusse in die raamwerk van (75)(vi) kan gesamentlik bespreek word:

(75) vii. en WITTER lug

Fokus

die NUWE wind

Fokus

en KLARE son

Fokus

In Rosemarie Gläser (vergelyk voetnoot 53) se hiërargiese ordening van die semantiese kenmerke van die nomina, sou lug, wind en son waarskynlik ingedeel word onder die vertakking: (konkreet), (nie-lewend), (fisiese objek), (natuur), (nie-organië).⁶⁹⁾ Hierdie nomina besit dus kenmerke soos (konkreet) en (fisiese objek), wat vereis word deur die seleksiebeperkinge van adjektiewe soos witter, nuwe en klare. Nogtans is die kombinasies adjektief-nomen in die gevalle hierbo duidelik ongewoon. Alhoewel lug wel met 'n kleuradjektief gekwalifiseer kan word, is blou, en nie wit nie, in so 'n geval die normale keuse. Wind word dikwels getipeer as veranderlik, maar nog nie daarom as nuut nie; klare sou wel in 'n archaïese vorm (uit die Nederlands) beskrywend kon wees vir helder sonlig, maar in moderne Afrikaans sou dit in 'n letterlike sin eerder gebruik word as kwalifikasie vir water. Op sigself beskou word die seleksiebeperkinge op die adjektiewe in die mikroskopiese sintaktiese frases in (75)(vii) hierbo dus nie oorskry nie. In die omgewing van die sen-

trale verbale fokus deurspoel word (vergelyk (75)(vi) hierbo) val dit egter op dat hierdie adjektiewe die semantiese merker (skoon) gemeenskaplik het. 'n Mens sou kon sê dat die adjektiewe metafories gedetermineer word deur die figuurlike aksie aangedui in die sentrale fokus deurspoel word. Die adjektiewe fokusse ekspliseer egter terselfdertyd die aard van so 'n metaforiese aksie. Die agente wat die aksie uitvoer, is alleen in staat daartoe, omdat hulle deur die adjektiewe fokusse besondere eienskappe toegevoeg kry: dit is nie 'n bekende of gewone of alledaagse wind nie, maar wel 'n nuwe, moontlik in die sin van ongeskonde of onaangetas of onbevlek; dit is ook byvoorbeeld nie die gewone warmte van son wat beklemtoon word nie, maar wel die feit dat dit klaar, dit wil sê helder en skoon is. Let op dat hierdie spesiaal gekwalifiseerde natuurlike elemente 'n metaforiese aksie uitvoer wat normaalweg deur 'n ander natuurelement, naamlik reën, gedoen word: dit is letterlik moontlik dat die lug "deurspoel" kan word met reënwater. Dit is duidelik dat dit hier gaan om 'n reinigingsaksie waarby water geïmpliseer is, en uitgevoer deur spesiaal daarvoor toegeruste agente. Ook die resultaat van die metaforiese aksie uitgedruk in die verbale fokus word aangedui deur 'n adjektiewe fokus: lug as die objek wat die reinigingsaksie ondergaan, word as gevolg daarvan witter, dit wil sê skoner. Die noue samewerking tussen verba en adjektiewe in (75)(vi) val op. Nie net word die ongewone adjektiewe eers finaal onder die invloed van die verbale fokus duidelik figuurlik gedetermineer nie, maar adjektiewe en verbale fokusse fungeer ook gesamentlik en wedersyds aanvullend metafories attributief ten opsigte van die nomina waarmee hulle sintakties verbind is.

Wedersydse metaforiese beïnvloeding van die grammatikale kategorieë verbum en adjektief is ook duidelik waarneembaar binne die groter sintaktiese eenheid waardeur (75)(vi) ingesluit word. Hierdie sintaktiese eenheid word afgebaken deur die eerste kommapunt in die gedig - dus 'n "dieper" puntuasiepouse as die komma - en val byna saam met die eerste kwatryn van die gedig. Dit kan skematies soos volg weergegee word:

(75) viii. Die jaar WORD RYP
Fokus Fokus

in goue akkerblare,
in wingerd wat VERBRUIN,
Fokus
en (in) witter lug
Fokus

wat daglank van
die nuwe wind en klare/
Fokus Fokus
son DEURSPOEL WORD;
Fokus

a

b

c

Dit val op dat al drie die sentrale fokusse verbaal is: word ryp, verbruin en deurspoel word. In die eerste twee is dit verder opmerklik dat adjektiwiese en verbale eienskappe formeel-grammatikaal geïntegreer is in die uitdrukking van duratiewe aksies: in die predikatiewe verbale frase word ryp word die koppelwerkwoord gevolg deur 'n adjektief; in verbruin is die adjektief bruin omvorm tot 'n verbum. Wanneer die drie preposisionele frases wat ryp metafories kwalifiseer apart bekyk word, val dit verder op dat die duratiewe aksie voortgesit word in die komparatiewe vorm van die adjektiwiese fokus witter.⁷⁰⁾ In twee van die drie leksikale items wat die nomina in hierdie preposisionele frases kwalifiseer, word die adjektiwiese funksie daarvan dus gekarakteriseer as verbaal-duratief. Onder die invloed van verbruin en witter bestaan daar daarom nou myns insiens 'n moontlikheid dat ook vir goue 'n verbaal-duratiewe eienskap gesuggereer kan word, sodat ook hierdie adjektief retrospektief metafories geïnterpreteer sal kan word. Vergelyk:

(75) ix. WORD RYP: { in goue akkerblare
Fokus
in wingerd wat verbruin ⁷¹⁾
Fokus
en (in) witter lug
Fokus

Indien goue ook beskou word as 'n adjektiwiese fokus met die geïmpli-

seerde verbale aksie van "akkerblare wat besig is om te vergul", is dit duidelik dat die eerste twee preposisionele frases 'n bepaalde ontwikkeling registreer: by goue is die klem op skoonheid en versiering; verbruin suggereer dat hierdie skoonheid besig is om 'n verdorrende verandering te ondergaan, sodat die tweede eienskap duidelik 'n volgende oorsaaklike stap in die rywordingsproses aandui. Wanneer die derde preposisionele frase deur middel van die konjunksie en grammatikaal aangebied word as die laaste item in 'n reeks, word nou gesuggereer dat die duratiewe aksie van die adjektiewiese fokus witter die klimaks vorm in die oorsaaklike ontwikkeling wat deur goue en verbruin geregistreer word. Die belangrikheid van witter word ondersteun deur die feit dat "witter lug" gekwalifiseer word deur 'n relatiewe bysin waarin die sentrale verbale fokus deur=spoel word, tesame met die ondersteunende adjektiewiese fokusse nuwe en klare, aandui hoe die resultaat van "witter lug" verkry kon word. (Vergelyk die bespreking van (75)(vi) en (vii) hierbo). Die drie preposisionele frases in (75)(viii) vorm dus 'n gekompliseerde kontradeterminerende raamwerk vir die sentrale fokus word ryp. Die interaksie tussen fokus en raamwerk sentreer deurentyd om die attributiewe eienskappe van verbale en adjektiewiese fokusse: die sentrale verbale fokus word ryp word naamlik attributief gekwalifiseer deur 'n saamgestelde kontradeterminerende raamwerk wat bestaan uit drie adverbiale preposisionele frases. Binne elk van hierdie frases is die verbale karakter van die drie adjektiewiese fokusse bepalend vir 'n karakterisering van die nomina wat as resultate van die sentrale fokus word ryp aangebied word. Samevattend kan gesê word dat die rywordingsproses hierdeur in 'n saamgestelde (Miller) metafoor gekarakteriseer word as 'n ontwikkeling wat hom voltrek oor die drie stadia van versiering, verdorring en reiniging.

Let op dat Miller se term van saamgestelde metafoor hier aangepas en in 'n wyer sin gebruik word, om weer eens (soos dit ook die geval was by die aanpassing van sy term "komplekse metafoor" hierbo by die bespreking van word ryp in die dubbele funksie van raamwerk en fokus in die verskillende eenhede van respektiewelik (75)(i) en (ii)) nie net te verwys na 'n tenor/vehicle-verbinding nie maar ook die verhouding tussen fokus en raamwerk te inkorporeer. Die sentrale fokus word ryp kan gesien word as kernpunt van 'n saamgestelde metafoor

wat strek oor die makroskopiese eenheid van die eerste kwatryn van hierdie sonnet. Dit is egter nie net 'n uitgebreide saamgestelde metafoor nie maar daarby ook uiters gekompliseerd. Die sentrale fokus word ryp is kompleks in sy dubbele funksie as raamwerk en fokus. Die saamgestelde kontradeterminerende raamwerk van hierdie komplekse fokus is egter self ook uiters ingewikkeld, omdat dit 'n hele aantal sekondêre fokusse bevat in kleiner en groter sintaktiese eenhede. Die verhouding tussen fokus en raamwerk in die makroskopiese konteks van die kwatryn kan ten slotte soos volg voorgestel word:

- (75) x. 1. Die jaar WORD RYP in goue akkerblare,
2. in wingerd wat verbruin, en witter lug
3. wat daglank van die nuwe wind en klare
4. son deurspoel word; ...

Die sentrale fokus is in hoofletters aangedui; 'n dubbele onderstreping onderskei dié fokusse wat ook in kleiner selfstandige sintaktiese eenhede in eie reg primêre fokusse is; sekondêre fokusse is enkel onderstreep. Hieruit blyk duidelik die sorgvuldige "invulling" van die signifikans van die metaforiese rypwordingsproses in die gekompliseerde (self gemetaforiseerde) kontradeterminerende raamwerk van die eerste kwatryn van die gedig.

Die eerste kwatryn van die gedig word voltooi met 'n selfstandige sintaktiese eenheid afgebaken deur 'n komma:

- (75) xi. elke blom word vrug,

Die sintaktiese ooreenkoms van (75)(xi) met die eerste gedeelte van vers 1 van hierdie kwatryn val op: albei is in eie reg selfstandige kopulasinne met 'n NP (die jaar/elke blom) en 'n VP (word ryp/word vrug). Die eerste kwatryn word dus begin en afgesluit met 'n selfstandige stelling. Op sigself beskou, word in (75)(xi) geen oortreding van sintaktiese of semantiese seleksiereëls aangetref nie. In vergelyking met die gedeelte in die kwatryn wat daaraan voorafgaan, kan dit egter beskou word as 'n "sinmetafoor" (Köller, Ingendahl, ens.), wat binne 'n wyer konteks as die sin metafories gedetermineer word. Tot sover was alle verbale frases in kopulasinne figuurlike

fokusse: vergelyk word ryp (vers 1) en deurspoel word (vers 4). Behalwe hierdie sintaktiese ooreenstemming is daar egter ook 'n opvallende semantiese ooreenkoms tussen die adjektief ryp en die nomen vrug in die verbale frases van onderskeidelik word ryp en word vrug. Waar die sentrale fokus word ryp die hele eerste kwatryn tot sover oorheers het, en waar die verbale fokusse verbruin en deurspoel word 'n kontinuering was van die duratiewe metaforiese aksie daarvan, lyk dit net logies dat ook word vrug deel van so 'n metaforiese proses sal uitmaak. Volgens die bostaande redenasie sou (75)(xi) dus herskryf kon word as:

(75) xii. elke blom WORD VRUG

Fokus

Binne (75)(xii) sal die klem dan val op die ontwikkeling vanaf versiering tot vrug; (75)(xii) gesien in die konteks van die hele kwatryn, sal 'n element van voltooiing toevoeg aan die metaforiese kwalifikasies van die sentrale fokus word ryp. Dus: die ryppwordingsproses word in die eerste kwatryn van die gedig gekarakteriseer as 'n ontwikkeling wat plaasvind oor die stadia van versiering, verdorring en reiniging heen tot die uiteindelijke (vrugbare) voltooiing of selfs vervulling.

Die gedeelte "elke blom word vrug" word ook opgeneem in die volgende sintaktiese eenheid, wat punktusiasiegewys afgebaken word deur 'n kommapunt:

(75) xiii. elke blom word vrug, tot selfs die TRAAGSTES

Tenor

Vehicle/Fokus

Interessant genoeg word blom nou gepersonifieer deurdat dit geassosieer word met 'n soort kwalifiserende versamelnaam wat normaalweg van toepassing is op groepe mense en nie groepe blomme nie. In die vehicle ⁷²⁾ traagstes sit egter 'n adjektiewiese fokus traag versteek. As sodanig is daar natuurlik 'n oorskryding van seleksiebeperinge en kan die semantiese merkers (menslik) en (traag) oorgedra word op blom. Die implikasie van sō 'n tipering suggereer waarskynlik onwilligheid aan die kant van die gepersonifieerde blom(me) om die voltooiende verandering na vrug deur te maak.

van so 'n vergelykende ooreenkoms is dat hierdie môre, soos die natuurelemente lug en son in die eerste kwatryn, nie alledaags is nie maar heel besonders. Teen hierdie agtergrond moet die kwalifikasie witter vir (populier) takke ook bekyk word. Dit is nie net 'n letterlike beskrywende kwalifisering nie maar dui op 'n element van reiniging wat aan die takke toegeskryf word. Omdat witter egter sintakties geskei is van sy nomen, is dit terselfdertyd 'n adverbiale kwalifisering vir die verbum staan wat direk daarop volg. Waarskynlik is "takke staan" nie hier gebruik as 'n sinekdogee nie maar beteken dit moontlik iets soos "lyk asof die takke al witter geword het". Die fokus witter staan kombineer dus adjektiewiese en verbale elemente, wat gesamentlik die nominale frase "takke van die lang populiere" attributief kwalifiseer. Waar witter betrekking het op die veranderde voorkoms van takke, slaan staan op die "lang populiere" self. Hierdie natuurlike objekte ondergaan enersyds 'n duratiewe proses van "witter word", dit wil sê van suiwerende verandering; alhoewel hierdie suiwering voortvloei uit die stroping van "blare" van die "takke", bly die populiere self nietemin tog staties. Aangesien witter so nou betrokke is op staan, is hierdie statiese toestand van die populiere ook gesuiwer. Waar deurgaans in die oktaaf tot sover die duratiewe beklemtoon is in sowel adjektiewe as verba, sorg hierdie verbum staan nou vir 'n soort grammatikale ruspunt aan die einde van die oktaaf. Daarmee signaleer dit die klimaks van die gemetaforiseerde natuurlike rywordingsproses wat hom in hierdie gedeelte van die sonnet voltrek.

Hiermee is die bespreking van die interaksie van fokus en raamwerk in die oktaaf van die gedig afgehandel. Samevattend kan gesê word dat drie prosesse uitkristalliseer in die figuurlike taalgebruik. Die eerste kwatryn tot by die kommapunt in vers 4 beeld 'n voorbereidende rywordingsproses uit; die tweede kwatryn in die gedeelte vanaf die kommapunt in vers 5 beklemtoon 'n ontwikkelende reinigingsproses as die gevolg van 'n stropingsaksie van vallende blare. Die skakel tussen rywordingsproses en reinigingsproses is (vrugbare) vervulling, en word gegee in die middelste sintaktiese gedeelte wat deur kommapunte afgebaken word en wat struktureel verbind is aan albei kwatryne.

In die eerste vers van die sestet word die eerste metaforiese uitdruk-

king, soos aan die begin van die oktaaf, aangetref in 'n selfstandige kopulasin:

(75) xvi. ... laat hierdie DAE heilig word

Fokus

Die seleksiebeperkinge van die verbale frase word deur die subjek NP oorskry, die ontbrekende semantiese merker (menslik) kan dus as seleksiekenmerk \langle menslik \rangle van die verbale frase heilig word oorgedra word op die nomen dae. Die effek hiervan is dat 'n bepaalde tydperk, aangedui deur hierdie dae, gepersonifieer word. Hierdie metaforiese uitdrukking word egter gekontinueer in vers 10 en 11 van die sestet (vergelyk die dubbelpunt aan die einde van vers 9 in hierdie verband). Wanneer (75)(xvi) nou bekyk word in die wyer konteks van die eerste terset, word dit duidelik dat dit die aksie van heiligwording is wat metafories gekontinueer word. 'n Mens het hier dus weer 'n geval van 'n komplekse metafoer waar heilig word in die mikroskopiese sintaktiese eenheid van die eerste vers van die sestet deel van die raamwerk is maar self fokus word in die makroskopiese konteks van die eerste terset van die sestet van hierdie sonnet. Voordat die aard van die gemetaforiseerde "heiligwording" nagegaan kan word, is dit eers nodig om die kontradeterminerende raamwerk vir die verbale fokus heilig word te bekyk:

(75) xvii. laat ALLES val wat PRONK en SIERAAD was

Fokus Fokus Fokus

of enkel JEUG, en vër was van die pyn;

Fokus

Die pronomes alles word deur twee relatiewe bysinne gekwalifiseer: die eerste dui aan dat die nomina pronk, sieraad en jeug die komponente is van die versameling van alles; die tweede spesifiseer dat al hierdie elemente "vër was van die pyn". Alle nomina in (75)(xvii), en daarmee ook die pronomes alles, oortree die seleksiebeperking \langle (lewend) \rangle van hierdie tweede relatiewe bysin. Die semantiese merker (lewend) word dus oorgedra op al die nominale fokusse aangedui in (75)(xvii) hierbo. Die verbum val vereis weer van die nomina wat daarmee gekombineer word die semantiese merker (konkreet). Slegs sieraad kan egter beskou word as konkreet; pronk verwys waarskynlik na 'n

bepaalde houding, sodat dit die semantiese eienskap (abstrak) deel met die nomen jeug. Onder die invloed van die verbum val verkry alle nominale fokusse in (75) (xvii) dus nou ook die kenmerk (konkreet). Daarmee is hierdie nomina dan dubbel gemetaforiseer as tegelyk konkreet en lewend deur twee verskillende kontradeterminerende raamwerke. Op sigself beskou is val deel van die kontradeterminerende raamwerk vir die nominale fokusse in (75)(xvii). Wanneer die hele terset egter bekyk word, word dit duidelik dat val 'n metaforiese aksie is wat die verbale frase heilig word tegelyk kontinueer en voorwaardelik ekspliseer. Ook val is dus soos heilig word kompleks: binne die sintaktiese eenheid van vers 10 en 11 is dit deel van een van die kontradeterminerende raamwerke vir die nominale fokusse; binne die strukturele eenheid van die terset is dit kontinueerende fokus vir heilig word. Die verhouding tussen fokus en raamwerk vir die hele terset kan soos volg voorgestel word:

(75) xviii. O, Heer, laat hierdie dae HEILIG WORD:

Fokus Fokus

laat alles val wat pronk en sieraad was

Fokus Fokus Fokus Fokus

of enkel jeug, en v^{er} was van die pyn;

Fokus

Uit so 'n skematiese voorstelling word dit duidelik hoe gekompliseerd die metaforiese bepaling van die sentrale fokus heilig word is. Deur sy verbinding met die sekondêre fokus dae is dit eerstens 'n tydgebonde proses. Vervolgens word dit verklarend gekontinueer in 'n tweede gemetaforiseerde aksie val, wat in die kontradeterminerende raamwerk vir heilig word self 'n primêre fokus is, wat deur 'n aantal sekondêre fokusse metafories medebepaal word. Hierdie figuurlike valaksie behels die eliminerings van waardes soos hoogmoed (pronk), versiering (sieraad) of ongereedheid (jeug). Kort saamgevat kan gesê word dat heiligwording 'n tydgebonde proses is wat afhanklik is van 'n figuurlike valaksie, waardeur alle "onwaardige" geestelike waardes afgelê moet word.

In vers 12 word drie agtereenvolgende aksies gegee wat dieselfde vorm het as "laat...heilig word" en "laat ... val" hierbo:

kenmerk oor op hoogheid. Op dieselfde manier word die nomen jeug adjektiwies en verbaal as lewend getipeer: sowel teerder as verskyn vereis naamlik die semantiese merker (lewend) vir jeug. Binne die makroskopiese konteks van die sestet is die verbum verskyn dan weer 'n fokus wat die verbale aksies in die res van die sestet kontinueer. Dit is in werklikheid as laaste woord van die gedig die finale uitkoms en vervulling van die ryppwording/heiligmaking wat daaraan voorafgaan.

Uit die voorgaande uiteensetting van die metaforiese taalgebruik van Vroegherfs blyk dat die interaksie tussen fokus en raamwerk 'n uiters gekompliseerde is. Daar is 'n aantal sentrale fokusse wat in die makroskopiese strukturele eenhede van die gedig oorheers; hulle word meesal metafories "ingevul" deur primêre fokusse in kleiner selfstandige sintaktiese eenhede, wat op hulle beurt bepaal word deur kontradeterminerende raamwerke waarin daar sekondêre fokusse voorkom. In die geheelbeeld van die sonnet kan sentrale fokusse met hoofletters aangedui word, en primêre en sekondêre fokusse met respektiewelik 'n dubbel- en enkelonderstreping onderskei word. Vergelyk vir 'n verduideliking hiervan die geheelbeeld van die sonnet:

- (75) xxi. 1. Die jaar WORD RYP in goue akkerblare,
2. in wingerd wat verbruin, en witter lug
3. wat daglank van die nuwe wind en klare
4. son deurspoel word; elke blom WORD VRUG,
5. tot selfs die traagstes; en die eerste blare val
6. so stilweg in die rook-vaal bos en laan,
7. dat die takke van die lang populiere al
8. teen elke ligte môre witter staan.
9. O Heer, laat hierdie dae HEILIG WORD:
10. laat alles val wat pronk en sieraad was
11. of enkel jeug, en vêr was van die pyn;
12. laat RYP WORD, Heer, laat U wind waai, laat stort
13. my waan, tot al die hoogheid eindelijk vas
14. en nakend uit my teerder jeug verskyn.

Samevattend kan gekonkludeer word dat onversoenbaarheid of inkongruensie die metafoor in sy sintagmatiese relasie karakteriseer. Hierdie inkon-

gruensie is gewoonlik in mikroskopiese sintaktiese kontekste beskryfbaar in terme van semantiese seleksie-oorskrydings, alhoewel die oortreding van sintaktiese reëls ook soms 'n beslissende rol speel in die metaforisering van 'n leksikale item. Makroskopiese kontekste soos die formele afdelings in 'n sonnet bepaal dikwels grade van bykomende metaforisering; veral word komplekse metafore gewoonlik tekstueel, eerder as sintakties, bepaal. By 'n verklaring van die metaforiese proses moet in mikroskopiese sowel as makroskopiese kontekste die oordrag van kenmerke tussen fokus en raamwerk in berekening gebring word. In 'n makroskopiese strukturele eenheid soos die bostaande sonnet, vind daar egter dikwels ook 'n bepaalde wisselwerking plaas tussen fokusse uit verskillende raamwerke.

Ten slotte: 'n bestudering van die interaksie tussen fokus en raamwerk onthul duidelik in die bostaande gedig 'n uiters komplekse, saamgestelde figuurlike proses.

Vergelyk duidelikheidshalwe hier 'n enigsins vereenvoudigde skematiese voorstelling van die semantiese implikasies vir die betrokke leksikale items in so 'n sintagmatiese metaforisering. Eienskappe wat as oordragkenmerke toegevoeg is tot leksikale items word as semantiese merkers aangedui onder die gemetaforiseerde woorde. Pyltjies dui die rigting van die oordrag aan.

- (75) xxii. 1. Die jaar WORD RYP in goue akkerblare,
(konkreet) (tyd) (duratiewe versiering)
(vrug) (dekoratief) (versier)
2. in wingerd wat verbruin, en witter lug
(lewend) (voortset- (skoon) (konkreet)
(bedoeling) ting van (duratiewe suiwering)
(duratiewe rypwording) verkleuring)
3. wat daglank van die nuwe wind en klare
(skoon) (menslik) (skoon)
(ongeskonde)
(onaangetas)
(onbevlek)
4. son deurspoel word; elke blom WORD VRUG,
(menslik) (menslik) (vervulling van rypwording)
(helder) (traag)
(skoon)
5. tot selfs die traagstes; en die eerste blare val

6. so stilweg in die rook-vaal bos en laan,
7. dat die takke van die lang populiere al
(skoner)
(duratiewe suiwing)
(staties)
8. teen elke ligte môre witter staan.
(skoner) (gesuiwer)
(helder)
9. O Heer, laat hierdie dae HEILIG WORD
(menslik) (onderworpe aan stroping
van versierings)
(tydgebonde)
10. laat alles val wat pronk en sieraad was
(lewend) (voortset) (lewend) (lewend)
(konkreet) ting van (konkreet) (konkreet)
heilig-
wording) kreet)
11. of enkel jeug, en vêr was van die pyn;
(lewend)
(konkreet)
12. laat RYP WORD , Heer, Laat U wind waai, laat stort
(voortsetting
van heilig=
making) (godde=
lik) (resultaat
van waai)
13. my waan, tot al die hoogheid eindelijk vas
(konkreet) (lewend)
(konkreet)
14. en nakend uit my teerder jeug verskyn.
(lewend) (resultaat van stort)

Die teorieë van Black, Weinrich, Brooke-Rose, Miller, Weinreich, Lambert, Sanders en Werth is almal met vrug aangewend in die bostaande eksplisering van die metaforisering van leksikale items in Vroegeherfs. Hierdie prosedures verskyn egter binne hierdie makroskopiese gedigstruktuur oneindig meer ingewikkeld en ineengewef as in die mikroskopiese sintaktiese eenhede wat in 1. belyk is.

formeel terug na witter (vers 2), wat 'n adjektiwiese fokus in die vergrotende trap is. Die duratiewe aksie gesuggereer in witter bereik sy hoogtepunt in die oortreffende vorm van traagstes. Dit is dan frappant dat hierdie klimaks saamval met die proses van vrugwording, wat voltooiing of vervulling in die vooruitsig stel: die nominale vehicle, juis omdat dit verskyn in die oortreffende trap van die adjektief traag, dui op die allesomvattende of alles=insluitende aard van so 'n proses; die element van onwilligheid wat opgesluit is in die adjektief traag impliseer via die fokus dat so 'n proses nietemin nie 'n begeerde (of gewilde) is nie.

Uit die voorafgaande argumentasie word dit duidelik dat die kwalifiserende funksie van die adjektiwiese fokus bepalend is vir die volle signifkants van die nominale vehicle. Anders gestel: die metafories gebruikte item traagstes fungeer in die eerste plek attributief as fokus, daarna ook identifiserend as nominale vehicle, maar dan met besliste behoud van attributiewe assosiasies. (Vergelyk die kritiese opmerking by Brooke-Rose en Karrer in 1.3.3). Dit alles kom dan daarop neer dat die tenor/vehicle-verwysing in (75)(xiii) oorheers word deur die fokus/raamwerk-interaksie. Ook hierdie enigste uitsondering van 'n paradigmatische relasie in 'n mikroskopiese sintaktiese eenheid in hierdie sonnet, kan dus blykbaar eerder sintagmatis geïnterpreteer word.

Die paradigmatische relasie tussen tenor en vehicle kan grotendeels bekyk word met verwysing na die vier sentrale fokusse in hierdie sonnet, te wete: word ryp (vers 1) word vrug (vers 4), (laat) heilig word (vers 9) en (laat) ryp word (vers 12). 'n Mens het hier te make met gesuspendeerde metafore (Miller), waar die skakel tussen vehicle en tenor verkry word deur parallelisme (Brooke-Rose). Op die ooreen= koms tussen die kopulasinne van vers 1 en 9 is reeds gewys. Vergelyk:

- (75) xxiii. 1. Die jaar WORD RYP
9. laat hierdie dae HEILIG WORD

Volgens Brooke-Rose lê die subtiliteit van 'n demonstratiewe formule (soos onder andere parallelisme) daarin dat dit praat van een ding en dan later daarna terugwys met 'n vervangende naam asof dit intus=sen iets anders geword het. Dit is presies wat gebeur in die

paradigmatiese verbinding van vers 1 en 9 (let op: nie verniet nie die eerste verse van onderskeidelik die oktaaf en sestet in hierdie gedig): die hele eerste kwatryn van die oktaaf is gewy aan die kwalifisering van 'n natuurlike ryppwordingsproses; in die sestet word dit skielik 'n geestelike aktiwiteit. Dat natuurlike ryp= wording en geestelike heiligmaking inderdaad op mekaar betrek word, kan ook afgelees word uit die verwisseling van die primêre fokusse: hierdie dae (vers 9) verwys naamlik terug na die besondere tydperk van die jaar (vers 1), wat besig is om die natuurlike rypwording te ondergaan. Hier het 'n mens dus 'n geval waar twee demonstratiewe formules (Brooke-Rose) tegelyk werksaam is binne dieselfde metaforiese uitdrukking: 'n demonstratiewe pronomen lê 'n verbinding tussen twee primêre fokusse; deur hierdie verbinding versterk dit die parallelle identifikasie van diesentrale fokusse word ryp en heilig word in hulle hoedanighede van onderskeidelik vehicle en tenor. 'n Mens sou met behulp van De Villiers se "logiese formule" die onderliggende struktuur van hierdie identifikasie kon aandui as

(75) xxiv. Heiligwording is rypwording

Tenor Vehicle

Só 'n agterhaalbare stelling is egter in hierdie gedig geweldig ingewikkeld en pregnant. Die tenor in vers 9 is uiters sorgvuldig voorberei deur die komplekse en terselfdertyd saamgestelde fokus/vehicle word ryp in vers 1. Dit beteken dat by 'n projeksie van die semantiese veld van die vehicle rypwording op dié van die tenor heiligwording alle eienskappe ingesluit moet word wat as gevolg van die interaksie tussen fokus en raamwerk op hierdie vehicle in sy hoedanigheid as sentrale fokus in die eerste kwatryn oorgedra is. Dus: heiligwording word geïdentifiseer met natuurlike rypwording, wat 'n proses is wat via versiering, verdorring en suiwering ontwikkel tot vervulling. So 'n sorgvuldige metaforiese voorbereiding van die semantiese reikwydte van die sentrale fokus word ryp maak in hierdie geval Abraham se herstrukturering van die semantiese eienskappe van die vehicle oorbodig. Die wedersydse beïnvloeding van fokus en raamwerk het naamlik reeds die inhoud van die natuurlike rypwordingsproses heel presies "ingevul". Ook die tenor heilig word is egter in die sestet, soos die vehicle word ryp in die oktaaf, 'n komplekse, saamgestelde fokus. In die eerste terset word dit gekwalifiseer as 'n

proses van aflegging (of stroping), wat, let wel, geassosieer word met pyn. Deurdat rypwording geassosieer word met heiligwording, word eers= genoemde retrospektief herinterpreteer as 'n heilige, godgewilde proses, wat gepaard gaan met 'n noodsaaklike, pynlike stroping van uiterlike tooi, en wat ook die aflegging van jeugdige ongereedheid (dit wil sê nie-rypheid) vereis. Let op dat die komplekse kontra= determinerende raamwerk (vers 10 en 11) vir die fokus heilig word in sy noodsaaklike stropingsaksie terugwys na die tweede kwatryn van die oktaaf, waar die val van die blare volg op die voltooiende vrug= wording, wat op sy beurt die klimaks vorm vir die vehicle word ryp in vers 1. Hierdeur word gesuggerer dat heiligwording nie volkome identifiseerbaar is met rypwording nie maar dat dit kousaal volg op die voltooiing van die rypwordingsproses, en verder dat dit afhanklik is van 'n stropingsaksie wat resulteer uit dié voltooiende vrugwording. In werklikheid word die tenor heilig word dus nie net metafories bepaal deur die sentrale fokus/vehicle word ryp nie, maar die semantiese veld van die ander sentrale fokus/vehicle van die oktaaf, naamlik word vrug, word ook daarop geprojekteer. Met behulp van De Villiers se "logiese formule" sou 'n mens dus (75)(xxiv) kon herskryf as

(75) xxv. Heiligwording is rypwording en vrugwording
 Tenor Vehicle Vehicle

'n Belangrike uitkoms van so 'n dubbele metaforiese spesifikasie is natuurlik in die eerste plek die karakterisering van heiligwording as 'n geestelike rypwordingsproses wat reeds die stadium van vrugbare vervulling bereik het. In hierdie metaforiese "invulling" speel die interaksie tussen die tenor en twee vehicles, terselfdertyd drie sentrale fokusse in die gedig, natuurlik 'n hoogs belangrike rol. Ook die kontradeterminerende raamwerke van hierdie fokusse is egter uiters belangrik vir 'n eksplisering van die volle semantiese implikasies van die bogenoemde paradigmatische verbinding tussen oktaaf en sestet in hierdie sonnet. Voordat ook die vierde sentrale fokus, naamlik (laat) ryp word (vers 12) meer spesifiek ondersoek word, kan eers gekyk word na die verwysings tussen die kontradeterminerende raamwerke van onderskeidelik die fokusse word ryp (vers 1), word vrug (vers 4) en (laat) heilig word (vers 9).

Daar is reeds hierbo daarop gewys dat die primêre fokus val van vers 10 terugwys na die val van blare in vers 5. Hierdie valaksie van vers 5 oorskry op sigself genome geen sintaktiese of semantiese seleksiebeperkinge nie en is dus tydens 'n sintagmatiese ondersoek van die metaforiese taalgebruik van die gedig onbespreek gelaat. Hier het 'n mens egter nou 'n baie goeie voorbeeld van 'n sinmetafoor wat in 'n mikroskopiese sintaktiese eenheid oënskynlik letterlik fungeer maar wat binne die makroskopiese tekstuele eenheid van die gedig metafories gedetermineer word. In die oktaaf is die valaksie beperk tot "eerste blare" (vers 5), waarby waarskynlik by implikasie ingesluit sal kan word "goue akkerblare" (vers 1) en ook die blare van die "wingerd wat verbruin" (vers 2). In die sestet word die versamelpronomien in "laat alles val" gespesifiseer as "pronk en sieraad" (vers 10), "enkel jeug" (vers 11), en ook "(alles wat) vër was van die pyn" (vers 11). Op dieselfde wyse as wat die sentrale fokusse word ryp en word vrug van die oktaaf as vehicles fungeer vir die tenor heilig word, wat 'n sentrale fokus is in die eerste terset van die sestet, kan gemetaforiseerde leksikale items uit die kontradeterminerende raamwerke van al hierdie fokusse nou paradigmatis fungeer in 'n vertikale vehicle/tenor-verbinding tussen dié makroskopiese eenhede van die sonnet. Met behulp van De Villiers se "logiese formule" kan eerstens die volgende identifikasie onderskei word:

(75) xxvi. Die val van pronk/sieraad/jeug is die val van blare
Tenor Vehicle

Dit gaan dan hier om 'n verwydering van geestelik-gesproke onwaardige elemente, wat vergelykbaar is met die stropingsproses, wat in die oktaaf uitgedruk is as die val van natuurlike bedekkings soos blare. Die oënskynlik bloot natuurlike valaksie van die oktaaf ekspliseer dus 'n geestelike stropingsproses in die sestet. Ook die nomina rondom die verbale fokus val (in sowel vers 5 as vers 10) is egter nou betrokke in die vehicle/tenor-verwysing tussen oktaaf en sestet. Die duidelikste verwysing is dié tussen sieraad en goue akkerblare, wat soos volg voorgestel kan word:

(75) xxvii. Sieraad is goue akkerblare
Tenor Fokus Vehicle

Terugwerkend openbaar 'n sekondêre fokus soos sieraad in sy hoedanigheid as tenor nou wat die werklike inhoud van die adjektiwiese fokus goue is, wat die vehicle akkerblare metafories spesifiseer. Wat in die oktaaf sintagmaties geïnterpreteer is as 'n kleuradjektief wat die eerste stadium in die natuurlike rywordingsproses signaleer, kry deur die paradigmatische verbinding met sieraad in die sestet die betekenis van kosbaar toegevoeg. Dit wat "val" in die oktaaf is dus tegelyk 'n kleurvolle versiering en 'n kosbare sieraad; terselfdertyd is hierdie kosbare versiering egter nie permanent nie, juis omdat dit onderhewig is aan "val". Dus: die vehicle "goue akkerblare" kry kenmerke toegevoeg van die tenor "sieraad"; terselfdertyd karakteriseer die vehicle die tenor egter as kortstondig. "Goue akkerblare" is ook nog die vehicle vir pronk in vers 10, sodat (75)(xxvii) herskryf kan word as

(75) xxviii. Pronk en sieraad is goue akkerblare
Tenor Tenor Fokus Vehicle

Daar is reeds hierbo (by die bespreking van (75)(xvii) en (xviii)) daarop gewys dat pronk waarskynlik dui op 'n bepaalde houding soos hoogmoed. Die finale uitkoms van die interaksie tussen die bostaande twee tenors uit die setet met die vehicle uit die oktaaf, is die ont-hulling van die kortstondigheid van die uiterlike vertoon van kosbare versiering. In teenstelling met pronk en sieraad verwys jeug, as die derde komponent van die versamelpronomen alles in vers 10, nie terug na "goue akkerblare" nie, maar wel na "blom" in vers 4. Dit is naamlik dié element uit die natuur wat duidelik 'n voorstadium is van 'n latere ontwikkeling, en dus die duidelikste semantiese ooreenkomstige vertoon met jeug. Soos dit die geval was met blare in vers 5, word ook die oënskynlik letterlik verwysende blom metafories gedetermineer deur die paradigmatische verbinding daarvan met 'n tenor uit die sestet. Let op dat blom reeds deel van 'n metaforiese uitdrukking is waar dit in die oktaaf deel uitmaak van die kontradeterminerende raamwerk vir die adjektiwiese fokus traagstes (vergelyk die opmerkings by (75)(xiii) hierbo). Deur die assosiasie met jeug word dit egter nou retrospektief die funksie van vehicle opgelê. 'n Mens het hier dan weer 'n voorbeeld van Miller se komplekse metafoer: blom het 'n dubbele funksie deurdat dit óf as letterlike óf as figuurlike leksikale item fungeer in twee verskillende metaforiese relasies. Die vertikale verbinding tussen jeug en blom kan dan aangedui word as

(75) xxix. (Enkel) jeug is (elke) blom
Tenor Vehicle

Jeug verkry deur sy identifikasie met blom die eienskap van skoonheid, wat die groepering daarvan met pronk en sieraad in die sestet ondersteun; blom word deur sy assosiasie met jeug personifiërend gekarakteriseer as 'n voor-volwasse (dit wil sê voor-"rype") stadium.

Samevattend kan 'n mens sê dat die drie leksikale items uit die sestet, naamlik pronk, sieraad en jeug, deur hulle vertikale verbinding met leksikale items uit die oktaaf gesamentlik gekarakteriseer word as kortstondige of verbygaande versierings. Hierdie drie tenors word egter in die eerste terset in hulle hoedanigheid as fokusse ook nog gemeenskaplik getipeer as "(alles wat) vër was van die pyn". Die bepaalde lidwoord voor die nomen pyn veronderstel bekendheid of voorafkennis en verwys terug na 'n makroskopiese konteks (Brooke-Rose). Dit slaan hier op die valaksie in sowel die sestet as die oktaaf, en betrek daarmee al die leksikale items wat onderhewig is aan so 'n stropingsproses. In die lig van die voorafgaande bespreking kan 'n mens dus sê dat enersyds die groepering pronk/sieraad en goue akkerblare, en andersyds die verbinding jeug en blom onderhewig is aan 'n pynlike proses van verandering, wat metafories gespesifiseer word as 'n stropingsproses van alle verbygaande versiering. Hierdie noodsaaklike element van pyn in byvoorbeeld die verandering van blom na vrug (vers 4) verklaar retrospektief die kwalifikasie van die adjektiwiese fokus traagstes, wat 'n element van onwilligheid toegeskryf het aan die voltooiende of vervullende vrugwordingsproses.

Die vierde en laaste sentrale fokus in die sonnet, (laat) ryp word (vers 12), is sterk verwant aan die twee inleidende sentrale fokusse vir onderskeidelik die oktaaf en die sestet van hierdie gedig. Dit is naamlik deur 'n chiasiese woordherhaling verbind met word ryp in vers 1, en deur 'n parallelle verbale grammatikale vorm geassosieer met (laat) heilig word in vers 9. Vergelyk die volgende skematiese voorstelling:



aan die valaksie van die eerste terset. Daar word dus 'n vierde tenor toegevoeg aan diē nomina uit die sestet wat terugverwys na die vehicles (goue) akkerblare en blom in die oktaaf. By die tipering van pronk, sieraad, en jeug as kortstondige of verbygaande versierings word nou 'n element van waan gevoeg. Hierdie toegevoegde element ontdek, retrospektief gesien, die ware betekenis van die verbygaande versierings of onrypheid van die jeug: dit was alles manifestasies van 'n vals denkbeeld, en as sodanig tekens van geestelike onsuiverheid. Die noodsaak vir suiwering word daarom nie verniet nie herbeklemtoon deur die gewysigde herhaling van 'n agent wat suiwering teweeg kan bring. Let op dat "U wind" in vers 12 terugwys na "nuwe wind" in vers 3, wat dāār mede-verantwoordelik was vir die figuurlike suiwering van die lug; in die sestet word wind nou 'n goddelike instrument wat die geestelike suiwering van die ek-persoon in die gedig moet instigeer. Die tenor/vehicle-verwysing van die bogenoemde agens/aksie-verspreiding in die sestet en oktaaf kan soos volg voorgestel word:

(75) xxxii. U wind wat waai is 'n nuwe wind wat deurspoel
 F N/T V/T F N/V V/V

F = fokus

N/T en N/V = nominale tenor en vehicle onderskeidelik

V/T en V/V = verbale tenor en verbale vehicle respektiewelik

Ten opsigte van die verbale aksies in vers 12 is reeds daarop gewys (vergelyk die bespreking van (75)(xviii) hierbo) dat daar waarskynlik 'n oorsaaklike verband bestaan tussen die primêre fokusse waai en stort: die waaiaksie van die goddelike wind lei tot die stortaksie van 'n menslike waan. Gesamentlik dui hierdie twee aksies dan aan wat die relasies van finale ryppwording met natuurlike ryppwording en geestelike heiligmaking behels: die klem val nie meer op 'n ontwikkeling via versiering, verdorring en suiwering tot vervulling nie, maar die pynlike aflegging van alle valse waardes word uitgelig. Die laaste stadium van die natuurlike ryppwordingsproses, dit wil sê die stroping van alle tooi na die vervullende vrugwording, is ter sake. Eweneens is dit die laaste stadium van heiligwording, dit wil sê pynlike aflegging van versiering en jeugdige ongereedheid, wat sterk gereleveer word. Uiteindelik word die resultaat van die uitvoering van so 'n pynlike aflegging deur die oorblywende gedeelte van die sestet in die vooruitsig gestel. Behalwe "teerder jeug", wat 'n gewysigde herhaling

is van "enkel jeug" in die eerste terset, verwys die laaste twee verse van die sestet terug na die laaste twee verse van die oktaaf in hierdie sonnet. Vergelyk hier die volgende skematiese voorstelling van die betrokke gedeeltes:

- (75) xxxiii. 7. dat die takke van die lang populiere al
 8. teen elke ligte mōre witter staan
 13. ... tot al die hoogheid eindelijk vas
 14. en nakend uit my teerder jeug verskyn
-

Volgens 'n teen hierdie tyd bekende proses word die oënskylik letterlik fungerende lang populiere in vers 7 retrospektief gemetaforiseer, deurdat dit 'n vehicle word vir hoogheid in vers 13. Dit gaan dan veral om die besondere manier waarop hierdie twee nomina verder gedetermineer word deur die vertikale relasies tussen hulle onderskeie attributief fungerende adjektiewiese en verbale fokusse. Die primêre fokus witter staan word 'n vehicle vir die sekondêre fokusse vas en nakend, asook vir die primêre fokus verskyn. Deur die vertikale verbinding van witter en nakend op mekaar, verkry die belangrike kleuradjektief uit die oktaaf - behalwe die betekenis van skoon of gesuiwerd - nou ook via nakend die assosiasie van onbedek of onbeskermd te wees. Let op dat die duratiewe element van die komparatief witter gekontinueer word in die teenwoordige vorm van die verbum verskyn in vers 14. 'n Mens behoort dus eintlik die vertikale relasies van die bogenoemde adjektiewe en verba gesamentlik te bekyk:

- (75) xxxiv. Nakend verskyn is witter staan
 A/T V/T A/V V/V
-

A/T en A/V = adjektief-tenor en adjektief-vehicle onderskeidelik
 V/T en V/V = verbale tenor en vehicle respektiewelik

Deur die interaksie van die vehicle witter staan en die tenor nakend verskyn word die duratiewe suiweringsproses van die oktaaf in die sestet gekontinueer as 'n toekomstige verskyning, maar terselfdertyd ook onthullend gekwalifiseer as die finale stadium van die aflegging van alle ongesuiwerde bedekking. Ook die adjektief vas het egter 'n belangrike bydrae om te maak: semanties verwys dit terug na die verbum

staan in vers 8 en vestig die aandag daarop dat sowel die nominale vehicle, (lang) populiere, as die nominale tenor, hoogheid, die eienskap van standvastigheid of permanentheid besit. Dit dan heel frappant teenoor die kortstondige of verbygaande aard van pronk, sieraad, jeug en waan, wat juis almal onderworpe is aan die stropingsprosesse van val of stort.

Ten slotte: die laaste terset van die sonnet kombineer in sy sentrale fokus en kontradeterminerende raamwerk voltooiend en tegelyk interpreterend alle metaforiese prosesse van die hele gedig. Finale rywording is geestelike heiligmaking wat deur die hele natuurlike rywordingsproses in al sy verskillende stadia gekenmerk word, wat die noodsaaklikheid beklemtoon van die aflegging van alle valse geestelike waardes, en wat ten slotte 'n suiwer, onbedekte maar tegelyk permanente kern van so 'n pynlike groeiproses in die vooruitsig stel.

Uit die bostaande uiteensetting blyk duidelik die hegte samewerking tussen die sintagmatiese en paradigmatische dimensies van die metafoor in 'n sonnet soos Vroegherfs. Die fokusse in die oktaaf is almal verskuilde vehicles, wat deur 'n gekompliseerde interaksie tussen fokus en raamwerk metafories heel sorgvuldig gedetermineer word. Hierdie spesifiek ingevulde verskuilde vehicles word dan verbind met die uitgestelde tenors in die sestet. Hierdie tenors is egter, soos die verskuilde vehicles uit die oktaaf, terselfdertyd fokusse wat deur die interaksie tussen fokus en raamwerk in die sestet hulle metaforiese inhoud verkry het. Die oktaaf in sy geheel is een groot saamgestelde vehicle vir die saamgestelde tenor van die totale sestet. Dit val op dat adjektiewe en verba so 'n hoogs belangrike rol speel in die metaforisering van hierdie gedig. Ook in die woordsoorte word die sintagmatiese en paradigmatische aspekte van die metaforisering van hierdie gedig dus gekombineer: as fokusse spesifiseer hierdie woordsoorte attributief die verandering van die nomina waarmee hulle sintakties verbind is; as vehicles en tenors ekspliseer hulle die proses van natuurlike en geestelike rywording in al sy verskillende stadia. 'n Mens kon moeilik 'n duideliker voorbeeld verlang om te illustreer dat alle metaforiseerbare woordsoorte ook paradigmatis funksioneer; die sentrale idee in hierdie gedig word voorgestel as 'n proses, waarvan die eienskappe egter 'n deurslaggewende rol speel, sodat 'n mens met

Ingendahl kan sê dat die metaforisering in hierdie gedig ook ten opsigte van sy paradigmatische verbindings gedra word deur gemetaforiseerde verba en adjektiewe. Interaksie is verder die sleutelprosedure in die metaforiseringsproses van hierdie gedig: dit word gemanifesteer in 'n wisselwerking tussen fokus en raamwerk, tussen vehicle en tenor, tussen fokusse, vehicles en tenors onderling in 'n voortdurende wedersydse semantiese determinering van die betrokke leksikale items in hierdie verskillende groeperings.

Ter illustrasie van hierdie gekompliseerde wisselwerking vergelyk hier die volgende skematiese voorstellings van die verskillende tenor/vehicle-verhoudings tussen die sestet en oktaaf van hierdie sonnet:

- 1) terugwysing van tenors uit die eerste terset na vehicles in die oktaaf;
- 2) terugwysing van tenors uit die tweede terset na vehicles uit die oktaaf;
- 3) vertikale verbindings tussen die twee tersette;
- 4) vertikale en kruisverwysings tussen die sestet en die oktaaf.

Soos by die voorstelling van die interaksie tussen fokus en raamwerk in (75)(xxi) word sentrale fokusse met hoofletters aangedui, en primêre en sekondêre fokusse met respektiewelik dubbel- en enkelstreepe onderskei. Stippellyne toon ekstra metaforisering van leksikale items aan in 'n vertikale relasie in die tekstuele konteks, en pyle dui die horisontale invloed van adjektiewiese fokusse op naasliggende nomina of die vertikale verwysing tussen tenor en vehicle aan. Aangesien die vertikale verbindings tussen die oktaaf en sestet één aaneengestremde netwerk van kruisverwysings uitmaak, moet duidelikheidshalwe ook die vertikale verwysings tussen die fokusse/vehicles van die twee kwatryne bekyk word. Vergelyk dus in die eerste skematiese voorstelling eers die onderlinge vertikale verbindings in die twee kwatryne, voordat die bostaande tenor/vehicle-verwysings tussen sestet en oktaaf aangedui word:

(75) xxxvi. Terugwysing van tenors uit die eerste terset na vehicles in die oktaaf

Eerste kwatryn

1. Die jaar WORD RYP in goue akkerblare,
2. in wingerd wat verbruin, en witter tug
3. wat daglank van die nuwe wind en klare,
4. son deurspoel word; elke blom WORD VRUG ,

Tweede kwatryn

5. tot selfs die traagstes; en die eerste blare val
6. so stilweg in die rook-vaal bos en laan,
7. dat die takke van die lang populiere al
8. teen elke ligte môre witter staan.

Eerste terset

9. O Heer, laat hierdie dae HEILIG WORD :
10. laat alles val wat pronk en sieraad was
11. of enkel jeug, en vêr was van die pyn

(75) xxxvii. Terugwysing van tenors uit die tweede terset na vehicles uit die oktaaf

Eerste kwatryn

1. Die jaar WORD RYP in goue akkerblare,
2. in wingerd wat verbruin, en witter lug
3. wat daglank van die nuwe wind en klare
4. son deurspoel word; elke blom WORD VRUG ,

Tweede kwatryn

5. tot selfs die traagstes; en die eerste blare val
6. so stilweg in die rook-vaal bos en laan
7. dat die takke van die lang populiere al
8. teen elke ligte mōre witter staan.

Tweede terset

12. laat RYP WORD , Heer, laat U wind waai, laat stort
13. my waan, tot al die hoogheid eindelijk vas
14. en nakend uit my teerder jeug verskyn.

(75) xxxviii. Vertikale verbindingse tussen die twee tersette

Eerste terset

9. O Heer, laat hierdie dae HEILIG WORD :

10. laat alles val wat pronk en sieraad was


11. of enkel jeug, en ver was van die pyn;

Tweede terset

12. laat RYP WORD , Heer, laat U wind waai, laat stort

13. my waan, tot al die hoogheid eindelijk vas

14. en nakend uit my teerder jeug verskyn.



(75) xxxix. Vertikale en kruisverwysings tussen die sestet en die oktaaf

Eerste kwatryn

1. Die jaar WORD RYP in goue akkerblare,
2. in wingerd wat verbruin, en witter lug
3. wat daglank van die nuwe wind en klare
4. son deurspoel word; elke blom WORD VRUG,

Tweede kwatryn

5. tot selfs die traagstes en die eerste blare val
6. so stilweg in die rook-vaal bos en laan
7. dat die takke van die lang populiere al
8. teen elke ligte more witter staan.

Eerste terset

9. O Heer, laat hierdie dae HEILIG WORD :
10. laat alles val wat pronk en steraad was
11. of enkel jeug, en ver was van die pyn;

Tweede terset

12. laat RYP WORD, heer, laat U wind waai, laat stort
13. my waan, tot al die hoogheid endelik vas
14. en nakend uit my teerder jeug verskyn.

Vehicle



Tenor

Hiermee is dan aangetoon hoe die gekompliseerde metaforisering van Vroegherfs gedra word deur die netwerk van horisontale en vertikale kruisverwysings, wat sentreer rondom die vier sentrale fokusse en hulle kontradeterminerende raamwerke. Hierbo is reeds daarop gewys dat die laaste terset al hierdie verskillende metaforiese verwysings tegelykertyd voltooi en interpreteer. Ten einde so 'n afsluitende interpretasie van die metaforiese proses te ekspliseer, kan die laaste terset verdeel word in twee sintaktiese dele, wat ingelui word deur onderskeidelik laat en tot. In die eerste sintaktiese gedeelte word daar om drie aksies gevra:

(75) xL. a. laat RYP WORD, Heer,

(laat) HEILIG WORD
 ↓
 WORD VRUG
 ↓
 WORD RYP

b. laat U wind waai
 ↓ ↓ ↓
 nuwe wind deurspoel word

c. laat stort my waan
 ↓ ↓
 (laat) val { alles
 ↓ ↓
 val { blare
 ↓ ↓
 pronk en sieraad
 ↓ ↓
 wingerd en goue akkerblare
 ↓ ↓
 enkel jeug
 ↓
 blom

Die eerste van hierdie verlangde aksies wys terug na die begin van die gedig, maar omvat terselfdertyd via die ander sentrale fokusse die hele ontwikkeling van die natuurlike en geestelike ryppwording in hierdie sonnet. Hierdie verwysing alleen is dus alreeds 'n kernopsomming van die metaforiese ryppwordingsproses. Tog word die stadia van dié proses ook weer nog 'n keer samevattend herhaal in die drie verlangde aksies waarom daar in vers 12 gebid word. Die tweede aksie verwys terug na suiwering, waarop die derde dan oorsaaklik volg. Dit val op dat hierdie derde aksie die enigste is wat gevolg word deur 'n objek NP, en dat die vertikale terugwysing van hierdie gemetaforiseerde leksikale item dan alles insluit wat, omdat dit "pynloos" is, onderworpe is aan slooping.

vrug. Pas in die laaste woorde van die gedig word dit duidelik dat dit wat afgelê moet word, nogtans 'n noodsaaklike komponent vorm van dit waarna gestrewe word. Die geestelike vrug van hoogheid kan dus nie bereik word voordat die jeug nie afgelê is nie, met ander woorde dit vereis die ouderdom; nogtans groei hierdie vrug van sekerheid uit 'n kwesbaarder, "teerder" jeugdelike voorstadium. Let egter in hierdie verband op die belangrikheid van die verandering vanaf "enkel jeug" (vers 11) tot "teerder jeug" (vers 14). Die eerste is slegs jeugdelike ongereedheid, en daarom onderhewig aan val, soos ook die uiterlike vertoon en versiering van pronk en sieraad in hierdie terset. Die tweede is egter kwesbaarder (dus onderworpe aan pyn) en, alhoewel nog steeds iets wat afgelê moet word, terselfdertyd op 'n paradoksale wyse noodsaaklike vóór stadium vir die bereiking van 'n verhewe geestelike "hoogheid".

Dit is werklik merkwaardig hoe alle gemetaforiseerde leksikale items deur die paradigmatische verwysings van die laaste terset opgevang word. Dit is nog verbasender dat hierdie laaste terset nie net opsom nie, maar ook sorg vir retrospektiewe herinterpretasie: die eintlike onderwerp geestelike rypwording of heiligmaking word uiters sorgvuldig metafories gespesifiseer deur 'n volledig uitgewerkte vehicle natuurlike rypwording; tog staan die sublieme van die geestelike teenoor die aardse van die natuurlike in 'n skynbaar onversoembare uiteenlopendheid. 'n Uiteenlopendheid wat dan tog opgelos word deur die vehicle vir geestelike vervulling of vrug: hoogheid word gemetaforiseer as "lang populiere", wat in hulle hoedanigheid as gesuiwerde objekte tegelyk aardgebonde ("witter staan") en hemelgerig ("takke...witter") is. 'n Uiteenlopendheid wat verder ook opgelos word deur die paradoksale funksie van die tydsgegewe: enersyds is jeug in sy toestand van ongereedheid iets wat rypwording verhinder; andersyds is dit tog 'n noodsaaklike voorstadium en voedingsbron vir geestelike vervolmaking.

3. ENKELE INTERPRETASIE-TEORIEË VAN METAFORIESE TAALGEBRUIK

Opvattinge van teoretici in die legio teorieë oor die interpretasie van die metafoor wissel tussen twee uiterstes: substitusieteorieë waar beweer word dat die metafories gebruikte woord sonder verlies

aan betekenis heel gemaklik vervang sou kon word met 'n letterlike woord; interaksieteorieë waar uitgegaan word van die hipotese dat die metaforiese gebruikte leksikale item in wisselwerking tree met 'n ander leksikale item of items, en dat die resultaat van so 'n interaksie nuwe betekenis tot stand bring wat op geen ander manier as in die metaforiese uitdrukking gestel kan word nie. Tussen dié twee pole lê die sogenaamde vergelykingsopvattinge, waar hierdie tipe metaforiese uitdrukkings deur sommige teoretici beskou word as 'n besondere tipe substitusie, en waar ander weer konstateer dat ook hierdie metaforiese uitdrukkings berus op die onderliggende prosedure van interaksie tussen die letterlike en figuurlike pole daarvan. Hierdie opvattinge kan vervolgens kortliks geïllustreer word in dieselfde volgorde as waarin hulle hierbo genoem is. ⁷³⁾

3.1 Substitusieteorieë

By 'n bespreking van die substitusieteorie kan Black se verduideliking van

- (1) The chairman PLOWED through the discussion
Fokus

as uitgangspunt dien. In 1.3.2 hierbo is 'n gedeelte van Black se verklaring van (1) reeds aangehaal ter illustrasie van die feit dat ook 'n verbale fokus, soos Brooke-Rose se nominale vervangingsmetafoer, as vehicle kan fungeer, wat dan 'n ongenoemde tenor impliseer. Volgens Black wil die spreker met die stelling in (1) iets sê oor die gedrag van 'n sekere voorsitter op een of ander vergadering. In plaas daarvan dat hy onomwonde of direk iets sê soos byvoorbeeld dat die voorsitter besware summier hanteer, of irrelevanthede onverbiddelik onderdruk, verkies die spreker eerder om 'n woord soos 'ploeg' te gebruik, wat streng genome iets anders beteken. 'n Intelligente leser sal egter maklik kan raai wat die spreker in gedagte gehad het. Black (1962) formaliseer die bostaande verduideliking soos volg:

This account treats the metaphorical expression (let us call it "M") as a substitute for some other literal expression ("L", say) which would have expressed the same meaning, had it been used instead. On this view, the meaning of M, in its

metaphorical occurrence, is just the literal meaning of L. The metaphorical use of an expression consists, on this view, of the use of that expression in other than its proper or normal sense, in some context that allows the improper or abnormal sense to be detected and appropriately transformed (1962:31).

Enige opvatting wat beweer dat die metaforiese uitdrukking gebruik is in die plek van een of ander ekwivalente letterlike uitdrukking, is dan vir Black 'n "substitution view of metaphor" (1962:31). Volgens sō 'n opvatting is die fokus van 'n metaforiese uitdrukking, dit wil sê dié woord met 'n duidelike figuurlike funksie binne 'n letterlike raamwerk, gebruik om 'n betekenis te kommunikeer, wat letterlik uitgedruk sou kon word:

The author substitutes M for L; it is the reader's task to invert the substitution, by using the literal meaning of M as a clue to the intended literal meaning of L. Understanding a metaphor is like deciphering a code or unraveling a riddle (1962:32).

In so 'n prosedure, waar van die leser verwag word om 'n raaisel op te los, is dit nietemin baie maklik om die bedoelde letterlike term te agterhaal. Abraham (1975b:15) toon aan hoe geredelik daar letterlike woorde gevind kan word om die metafories gebruikte leksikale items in die volgende gevalle te vervang:

- (76) i. He ATE his way through the mountain of letters
Fokus
- ii. He TRUMPETED out the news
Fokus
- iii. The rain was DRUMMING on the roof
Fokus

Letterlike interpretasies van die sinne in (76) kan verkry word deur die fokusse in die metaforiese uitdrukkings te vervang met 'n sinoniem of 'n sinonieme kombinasie van woorde, dus "work", "tell to anyone who wants to listen" en "knock at short, regular intervals" vir die reekse (i) tot (iii) hierbo. Guenther (1975:202) wys op die belangrike onderliggende veronderstelling in verklarings soos dié van Black en Abraham hierbo, naamlik "...the possibility of recovering (or discovering) the intended literal meaning underlying in the me=

taphor. Understanding a metaphorical expression would basically amount then to knowing the 'substitution-pair'".

Metafories gebruikte woorde, en daarmee die hele metaforiese uitdrukking, kan volgens die bostaande opvatting van die metafoor maklik omgesit word in letterlike taalgebruik, en wel sonder verlies aan betekenis. 'n Mens sou, in die lig van die voorafgaande redenasie, kon vra: hoe sien voorstanders van die substitusieteorie dan die funksie van die metafoor? Dit sou eerstens kon voorsien in 'n leemte in die woordeskat van 'n bepaalde taal. Black verwys byvoorbeeld na wiskundiges se gebruik van "leg" in die matematiese beskrywing "leg of an angle", omdat daar geen bondige letterlike uitdrukking is om die kurwe van so 'n lyn te kan beskryf nie. In so 'n geval is die metafoor dan 'n vorm van katachrese, waaronder Black verstaan "... the use of a word in some new sense in order to remedy a gap in the vocabulary" (1962:32). Hierdie tipe uitdrukkings, indien hulle werklik voorsien in 'n behoefte, word egter gou opgeneem in die letterlike woordeskat van 'n taal. In sulke gevalle het 'n mens dan te make met sogenaamde dooie of geleksikaliseerde metafore. Vergelyk in hierdie verband weer die volgende voorbeelde van Miller (1971):

(11) The ARM of a chair
Vehicle (fokus)

(12) The HORN of a saddle
Vehicle (fokus)

Die leser ervaar hierdie uitdrukkings nie meer as metafories nie, omdat die tenor, dit wil sê die "eintlike" gesubstitueerde woord of woorde, in Miller se terme vergeet is. In isolasie gesien, het geleksikaliseerde "figuurlike" uitdrukkings soos die bostaande voorbeelde dus geen metaforiese funksie meer nie. Vergelyk hier egter ook die eerste preposisionele frase uit Vroegherfs:

(75) v. in goue akkerblare
Fokus

Die leser is so gewoon aan die gebruik van goue in die betekenis van goudkleurig dat (75)(v) in isolasie beskou nie ervaar sal word as nie-letterlik nie. Soos reeds aangedui in die bespreking in 2. word

goue egter wel retrospektief in die gedigkonteks gemetaforiseer en wel onder andere deurdat sieraad in die sestet daarheen terugverwys en gevolglik deur hierdie vertikale verbinding ook die betekenis van goue in die sin van die tipering van 'n kosbare metaal oproep. Op sigself genome is (75)(v) dus letterlik; in die tekstuele konteks van die sonnet word dit egter gemetaforiseer. Op die moontlikheid van 'n dergelike "hermetaforisering" van geleksikaliseerde figuurlike uitdrukkings in onder andere literêre kontekste het verskeie teoretici al gewys.⁷⁴⁾ Uiteraars belangrik in sulke tipe metafore is egter myns insiens die dubbele funksie wat hulle verrig: as geleksikaliseerde metafoer, dit wil sê in sy hoedanigheid as letterlike verwysing, speel goue 'n baie belangrike rol as een van die sentrale kleuradjektiewe in die gedig; as retrospektief gemetaforiseerde leksikale item vestig dit ook nog die aandag op die kosbaarheid van kleurvolle versierings. So gesien is die "letterlike" aard van geleksikaliseerde metafore nie 'n nadeel nie maar funksioneel in die metaforisering van 'n hele gedig. Juis omdat sulke tipe metafore meesal letterlik verstaan word, is hulle letterlike verwysingsfunksie myns insiens so sterk gevestig, dat hierdie funksie ook by 'n hermetaforisering van sulke uitdrukkings nie heeltemal ingeboet word nie, maar náas die figuurlike verwysing bly fungeer.

By geleksikaliseerde metafore moet volgens die bostaande uiteensetting wel deeglik rekening gehou word met die moontlikheid van 'n figuurlike funksie van sulke uitdrukkings binne bepaalde kontekste, en daarmee met 'n veranderde semantiese lading van die betrokke woord of woorde. Voorstanders van 'n substitusieteorie erken egter slegs die letterlike verwysing van sulke metafore, en verklaar daarom die gebruik of voorkoms van 'n fokus of vehicle in so 'n uitdrukking as 'n geval van katachrese. 'n Soort noodsaaklike ewel in die vorm van 'n gedwonge maatreël, wat egter gou "genormaliseer" word deur die leksikalisering van sulke woorde. Nie alle figuurlike uitdrukkings kan egter verklaar word as gevalle van katachrese nie. In die voorbeelde van Black en Abraham hierbo, bestaan daar juis maklik agterhaalbare letterlike sinonieme vir die fokusse en/of vehicles in daardie reekse. Tog verkies die spreker in (1) volgens Black se verduideliking om die optrede van die voorsitter by 'n vergadering te beskryf op 'n indirekte manier en met veronagsaming van al die letterlik verwysende woorde wat tot sy


beskikking sou wees in so 'n verduideliking. In hierdie gevalle word die funksie van die metaforiese uitdrukking dan verantwoord as dekoratief; dit is 'n bloot stilistiese verskynsel, en dit word aangewend omdat dit die leser plesier sou verskaf om die vervangde term te vind en deur die nodige omruiling die raaisel op te los. In so 'n beskouing van die metafoor word dus geen voorsiening gemaak vir die besondere semantiese lading wat 'n preposisionele frase soos "in goue akkerblare" in Van Wyk Louw se Vroegherfs het nie. Let op dat hierdie uitdrukking toevallig geïnkorporeer sou kon word in albei die tipes voorbeelde wat tot dusver as gevalle van substitusie bekyk is: indien goue se algemene kleuraanduidende funksie in aanmerking geneem word, is dit geleksikaliseer; andersins kan die letterlik verwysende adjektief geel gemaklik as vervangende term agterhaal word. In terme van teorieë wat in 1. bespreek is, sou Brooke-Rose se kategorie van nominale vervangingsmetafore hier uitgebrei kon word om ook adjektiewe in te sluit. Binne die kategorie van vervangingsmetafore, wat volgens Brooke-Rose daardeur gekenmerk word dat hulle dikwels òf letterlik òf figuurlik geïnterpreteer sou kon word, kan dan met behulp van Miller se nuanserende kategorieë 'n verdere onderskeid getref word. Gevalle wat as katachrese verklaar kan word, is in Miller se terme metaforiese uitdrukkings waarvan die tenor vergeet is. Daarenteen kan gevalle waar die versweë tenor maklik uit die konteks agterhaal kan word, getipeer word as verskuilde metafore.

Belangrik in die bostaande betoog is die beklemtoning van die letterlike verwysing en/of funksie in sommige metaforiese uitdrukkings. Waardevol in 'n substitusie-opvatting is 'n relevering van die feit dat vir sommige metafories gebruikte leksikale items die letterlike betekenis maklik agterhaalbaar is. Hierdie sterk letterlike element in byvoorbeeld geleksikaliseerde gevalle, of anders in gewone vervangingsmetafore, is dus beslis 'n element waarmee rekening gehou moet word. Dit beteken egter NIE dat, soos binne die substitusie-opvattinge gekonstateer word, metaforiese uitdrukkings daarom sonder verlies van betekenis omgesit kan word in letterlik verwysende stellings nie.

3.2 Interaksieteorieë

In 'n interaksie-opvatting soos dié van Black (1962) speel die letter-

like verwysing van die metafories gebruikte leksikale item eweneens 'n belangrike rol. Die leser gebruik immers in 'n metaforiese uitdrukking soos



juis sy kennis in verband met die letterlike assosiasies van die fokus, in Black se terminologie die "system of associated common places" (1962:40) van die leksikale item wolf, "as a means for selecting, emphasizing and organizing relations in a different field" (Guenther, 1975:203). 'n Beklemtoning van die funksie van die letterlike betekenis van 'n figuurlik gebruikte leksikale item beteken egter NIE (soos by 'n substitusie-opvatting) dat die hele metaforiese uitdrukking daarom omgesit kan word in 'n letterlike stelling nie. Die fokusonderwerp sorg vir insig in die tenoronderwerp; die letterlike gemeenplasinghede van wolf fungeer sos 'n "filter" waardeur man in 'n ander lig gestel word. Ook wolf is egter in hierdie vreemde omgewing en in hierdie besondere funksie onderhewig aan betekenisverandering: dit is waar dat man in 'n meer dierlike lig gestel word deurdat eienskappe soos wreedheid, bedrieglikheid, jagtersinstink, ens. prominensie verkry bo ander moontlike manlike eienskappe soos byvoorbeeld betroubaarheid, krag en eerlikheid, wat normaalweg in 'n letterlike verwysing daarmee geassosieer sal word; dit is egter ewe waar dat wolf in hierdie kombinasie "mensliker" word, deurdat eienskappe soos viervoetigheid, sonder taalvermoë en met 'n stert onderdruk word ten gunste van dié eienskappe wat oordraagbaar is op man. In so 'n verduideliking van die metaforiese proses word dus 'n gelyktydige bewuswees van albei onderwerpe vereis, sodat die uiteindelike betekenis van die metaforiese uitdrukking bepaal word deur sowel die letterlike as die figuurlike dele daarvan. Anders gestel: in terme van die uiteensetting in 1. hierbo vind daar interaksie plaas tussen enersyds fokus/vehicle en andersyds raamwerk/tenor, en die resultaat van so 'n wedersydse betekenisbeïnvloeding is wat die metaforiese uitdrukking kommunikeer. Hierdie metaforiese kommunikasie is alleen moontlik binne die metaforiese uitdrukking en kan nie sonder verlies van betekenis vervang word met 'n letterlike uitdrukking waarin

vir die fokus letterlik verwysende sinonimiese leksikale items gesubstitueer word nie. Met Miller (1971:127) sou 'n mens kon sê:

The metaphor maintains the individual meanings of both 'words' at the same time that it combines them to form a new meaning. This new meaning is metaphor. In its equation of disparate meanings, metaphor achieves a juxtaposition which is transformed into a superimposition of the one term upon the other. The effect is of neither the one nor the other, nor yet the simple combination of the two, but of a third meaning which can be expressed in no other way. In a sense, each metaphor is a new word, a word which encourages the exploration of free meanings without giving up the tied meanings of its constituent parts. The tied meaning of a metaphor is very difficult to determine; hence, the existence of metaphor is a primary reason for the inadequacy of paraphrase. 75)

(Let daarop dat Miller se "metaphor" hierbo sal verwys na 'n volledige metaforiese uitdrukking soos (8) en nie net na die fokus uit so 'n uitdrukking nie.) Weens die beklemtoning van die rol wat die letterlike verwysing van die fokus/vehicle speel in interaksie-opvattinge noem Mooij (1973:128-133, 1975:257-260 en 1976:71-80) sulke teorieë dualisties. Ook sy definisie van 'n metaforiese uitdrukking benadruk daarom die (nuwe) betekenisvolle kombinasie van (letterlik genome) inkongruente leksikale items, wat ook in Miller se tipering hierbo aandag geniet:

Een woord of uitdrukking W in een zin Z is metaforisch gebruikt wanneer er een onderwerp van bespreking is zodanig dat datgene dat met hulp van W op grond van zijn letterlijke betekenis en het zinsverband daarover gezegd wordt (gezegd zou worden!) absurd, irrelevant of onwaar is, terwijl toch de zin Z een bruikbare inhoud heeft (1973:125).

Mooij beklemtoon dus die inkongruensie wat ontstaan weens die onverenbaarheid van die letterlike betekenis van leksikale items in 'n metaforiese uitdrukking. Dit kom dan daarop neer dat sommige items in 'n metaforiese uitdrukking 'n dubbele verwysing het, terwyl ander slegs letterlik opgeneem word. Mooij haal Henle (1958:181) in dié verband instemmend aan, waar laasgenoemde beweer dat in 'n metaforiese passasie "some terms refer literally to one situation and figuratively to the second while other terms refer literally only and refer to the second situation only".

Volgens die bogenoemde redenasie word dit duidelik dat 'n erkenning van die letterlik verwysende aard van 'n metaforiese gebruikte leksikale item noodsaaklik is vir sowel die herkenning as die interpretasie van metaforiese taalgebruik. Die kontras tussen fokus en raamwerk of die "spanning" (Richards en die "New Critics") tussen vehicle en tenor hang af van die botsende letterlike betekenisvelde van hierdie leksikale items. In 1. hierbo is reeds uitvoerig ingegaan op verskeie teorieë waar 'n sodanige semantiese inkongruensie van sintakties gekombineerde leksikale items die basis gevorm het vir die identifikasie van 'n metaforiese uitdrukking. Black en Weinrich se afgrensing van één figuurlik gebruikte woord in 'n kontrasterende sintaktiese raamwerk, of Richards, Miller en Brooke-Rose se betrekking van letterlike en figuurlike onderwerpe op mekaar, is in resente linguistiese benaderings beskryfbaar as 'n oorskryding van sintakties-semantiese seleksiebeperkings. Ook by 'n interpretasie van figuurlike taalgebruik speel die letterlike verwysing van die fokus/vehicle egter 'n deurslaggewende rol. In die benaderings van veral Black, Weinrich, Ingendahl en Lüdi is gesien dat die uiteindelijke betekenis van 'n metaforiese uitdrukking bepaal word deur 'n interaksie tussen die semantiese velde van die letterlik verwysende tenor en die letterlik verwysende vehicle. In hierdie superponering van semantiese velde op mekaar speel analogiese elemente dan 'n belangrike rol in die totstandkoming van Miller se "third meaning which can be expressed in no other way" (1971:127).

'n Erkenning van die letterlik verwysende funksie van 'n figuurlik gebruikte leksikale item vestig volgens die voorafgaande uiteensetting dus die aandag op uiteenlopende sowel as ooreenstemmende aspekte in metaforiese uitdrukkings. Hierdie twee aspekte is in die uiteensetting van die herkenning en beskrywing van metaforiese taalgebruik in 1. hierbo verbind aan respektiewelik sintagmatiese inkongruensie en paradigmatische analogie. Uit 'n analise van Van Wyk Louw se Vroegherfs in 2. het vervolgens geblyk dat die metaforisering in 'n poëtiese teks bepaal word deur sowel sintagmatiese as paradigmatische relasies. In hierdie relasies binne 'n makroskopiese tekstuele eenheid is inkongruente en analoë aspekte egter nie meer streng afgebaken in of slegs beperk tot onderskeidelik die sintagmatiese en die paradigmatische dimensies van metaforiese uitdrukkings in mikroskopiese sintaktiese eenhede nie. Veel eerder is enersyds kontrasterende, uiteenlopende

of onversoerbare semantiese eienskappe en andersyds ooreenstemmende en/of vergelykbare kenmerke gesamentlik beslissende faktore in sowel die sintagmatiese interaksie tussen fokus en raamwerk as die paradigmatiese verwysing tussen tenor en vehicle in 'n gekompliseerde en saamgestelde metaforiese proses.

Die argumente ten gunste van 'n interaksionele interpretasie van die metaforiese proses lyk oorweldigend. Aan die een kant ekspliseer Richards en Miller die interaksie tussen tenor en vehicle en aan die ander kant wys Black en Weinrich ook nog op die wisselwerking tussen fokus en raamwerk. Black en Richards sou beskou kon word as die belangrikste eksponente van 'n interaksieteorie van die metafoor. Black se opvattinge ten opsigte van 'n sintagmatiese interaksie tussen fokus en raamwerk word egter gekompleteer deur en geïmplementeer in die beskouing van teoretici soos Weinrich, Brooke-Rose, Weinreich, Lambert, Sanders en Werth. Ook Black en Richards se beklemtoning van die interaksie tussen die twee onderwerpe van 'n metaforiese uitdrukking, die tenor en vehicle in Richards en Miller se terminologie, word eweneens aangevul en genuanseer geïnkorporeer in die opvattinge van Miller, Weinrich, Leech, Ingendahl, Lüdi, Matthews en Abraham. Nie al hierdie teoretici bou eksplisiet voort op mekaar se opvattinge nie; trouens, sommige skryf asof hulle die uitgangspunte van andere òf opsetlik ignoreer, òf glad nie ken nie, òf anders verwerp ten gunste van beter voorstelle. Ten spyte van uiteenlopende teoretiese raamwerke is die gemeenskaplike faktor in die bogenoemde opvattinge nietemin 'n beklemtoning van die interaksie tussen letterlik en figuurlik fungerende leksikale items in metaforiese uitdrukkings. 'n Interaksie wat bowendien 'n dubbele verwysing toelaat van die fokus/vehicle in figuurlike taalgebruik, en daarom in Mooij se terme dualisties genoem kan word. Vanuit heel verskillende teoretiese raamwerke word uiteindelik gekies vir 'n dualistiese-interaksionele verklaring van die metaforiese proses; trouens, die uitgangspunte van filosowe, literatore en linguïste word in hierdie verband vergelykbaar. Richards (filosoof en literator) se interaksieteorie van die metafoor word verfyn deur 'n filosoof (Black) en 'n literatuurwetenskaplike (Miller), wat die opvattinge van die 'New Critics' onderskryf. Ook linguïste vanuit uiteenlopende taalteorieë is eksplisiet of implisiet eksponente van 'n interaksieteorie van die metafoor: Brooke-Rose (tradisionele grammatika) bespreek die

implikasies van die grammatikale relasies van verskeie figuurlik gebruikte woordsoorte in óf 'n attributiewe (sintagmatiese) óf 'n identifiserende (paradigmatiese) wisselwerking met ander leksikale items; Weinrich, Ingendahl en Lüdi (Strukturalistiese Linguistiek) wys op die paradigmatiese projeksie van die semantiese velde van tenor en vehicle op mekaar. In TGG-teorieë bou Matthews (Chomski-aanse Aspects-model) en Abraham (Interpretatiewe Semantiek) eksplisiet voort op Black se tipering van die (paradigmatiese) wisselwerking tussen fokusonderwerp en tenoronderwerp; in die Generatiewe Semantiek en verwante benaderinge is dit ten slotte Weinreich, Lambert, Sanders en Werth wat met behulp van formele linguistiese prosedures die weder= sydse sintagmatiese beïnvloeding van figuurlike en letterlike leksikale items in metaforiese uitdrukkings ekspliseer en wat daarom ook beskou kan word as eksponente van 'n interaksieteorie. ⁷⁶⁾

3.3 Vergelykingsopvattinge

Uit die bespreking van respektiewelik substitusie- en interaksieopvattinge hierbo het geblyk dat letterlike verwysings 'n belangrike rol speel binne metaforiese uitdrukkings. Daar is ook daarop gewys dat 'n erkenning van die letterlike betekenis van 'n metaforiese gebruikte leksikale item noodsaaklik is vir sowel die inkongruente as die analoë aspekte van figuurlike taalgebruik. Dit is moontlik om hiervolgens te onderskei tussen substitusie- en interaksieopvattinge van die metaforiese proses: óf die aandag is oorwegend gevestig op ooreenstemmende kenmerke, en wel in só 'n mate dat die verskil tussen tenor en vehicle of fokus en raamwerk minimaal is, óf juis die kontras tussen die bostaande komponente word uitgelig. Die uiterste pole op 'n graduele skaal vanaf ooreenstemmend tot uiteenlopend sal dan saam= val met Miller se positiewe en negatiewe metafore respektiewelik. 'n Geleksikaliseerde metafoer is volkome positief; 'n volslae negatiewe kombinasie sou geen metafoer meer wees nie. In enige "lewende" of ongeleksikaliseerde metaforiese uitdrukking is sowel inkongruensie as analogie daarom noodsaaklike komponente.

Aangesien in 'n vergelyking die element van analogie vooropstaan, word dit dikwels beskou as 'n spesiale geval van substitusie. Vergelyk hier weer die voorbeelde waarmee Abraham (1975b:15) 'n substitusie=

verklaring van metaforiese taalgebruik illustreer:

- (76) i. He ATE his way through the mountain of letters
Fokus
- ii. He TRUMPETED out the news
Fokus
- iii. The rain was DRUMMING on the roof
Fokus

By 'n bespreking van vergelykingsopvattinge wys Abraham nou daarop dat "soos-relasies" gemaklik vir die bostaande voorbeelde opgestel kan word, byvoorbeeld "the knocking of the rain on the roof is LIKE the drumming of the rain on the roof" (1975b:15). Om hierdie rede beweer Guenther (1975:202) dat die vergelykingsprosedure essensieel 'n poging is om die substitusieverklaring van die metafoor meer eksplisiet te maak:

That is, the substitution is analyzed as consisting of a third term in addition to the substituens and the substituendum, namely a criterion of comparison or similarity which is said to motivate the substitution. The meaning of a metaphor is then explained again by a literal sentence which mentions both terms of the substitution and imputes a likeness to them.

Die bostaande verduideliking van Guenther kan goed geïllustreer word aan die hand van oppervlaktemetafore waar sowel die tenor as die vehicle tegelyk aanwesig is binne dieselfde mikroskopiese sintaktiese eenheid. Black (1962:36) verwys na die volgende klassieke voorbeeld:

- (77) i. Richard is a lion
ii. Richard is like a lion

Die substitusieverklaring sou (77)(i) vertaal met "Richard is brave"; 'n vergelykingsopvatting sou (77)(ii) implisiet teenwoordig veronderstel in 'n verklaring van 77(i), wat aldus so iets sou moes beteken soos "Richard is like a lion (in being brave)". Die woorde tussen hakies word dan verstaan maar nie eksplisiet gestel nie. Black se onderskeid tussen substitusie en vergelyking kom neer op min of meer dieselfde verduideliking as dié van Guenther hierbo:

In the second translation, as in the first, the metaphorical statement is taken to be standing in place of some literal equivalent. But the comparison view provides a more elaborate paraphrase, inasmuch as the original statement is interpreted as being about lions as well as about Richard (1962:36).

By sowel Black as Guenther is daar dus slegs 'n graduele verskil van eksplisietheid tussen 'n substitusie- en 'n vergelykingsopvatting van die metafoor.⁷⁷⁾ Dit impliseer natuurlik dat 'n vergelyking nie interaksionisties geïnterpreteer of verklaar sal kan word nie. Dit hou verder in dat daar 'n wesenlike verskil bestaan tussen enersyds vergelykings en andersyds metaforiese uitdrukkings waar 'n "soos"-relasie afwesig is. Vir Black se hoofvoorbeeld ter illustrasie van sy interaksie-opvatting sou dit dus beteken dat daar 'n essensiële verskil sou moes wees tussen die volgende reekse:

(8) Man is a wolf

- i. Man is like a wolf
- ii. Man is like a wolf in being vicious, predatory, etc.
- iii. Man is vicious like a wolf

Soos reeds gesien, sluit Black (8) uit van substitusie- en vergelykingsopvattinge, deurdat hy betoog dat dit alleen verklaar sou kon word met behulp van die besondere interaksionistiese interpretasie wat hy vir metaforiese taalgebruik voorstel. In die lig van sy verklaring van die sinne in (77) hierbo, sou (8)(i) tot (iii) dan as vergelykings spesiale gevalle van 'n substitusie-opvatting moes verteenwoordig. Hier sou 'n mens egter dan die eienaardige toedrag van sake hê dat 'n interaksionistiese interpretasie van (8) uiteindelik neerkom op presies dieselfde verklaring van die betekenis van die metaforiese uitdrukking as wat bowendien ook as 'n letterlike vervanging afgelei kan word uit die vergelykings in die reekse (8)(i) tot (iii).⁷⁸⁾

Dit is duidelik dat die onderskeid tussen enersyds vergelykings en nie-vergelykings, en andersyds die verskil tussen interpretasies wat berus op respektiewelik 'n vergelykingsopvatting en 'n interaksionistiese verklaring van metaforiese uitdrukkings problematies is. Op grond waarvan sou Black beweer dat kopulasinne soos

(77) i. Richard is a lion

(8) Man is a wolf

verskillende interpretasies vereis? Dat (77)(i) gereduseer kan word tot 'n letterlike stelling met 'n verduidelikende en uitbreidende vergelyking, maar dat die betekenis van (8) slegs interaksionisties verklaar sou kon word? In albei die bogenoemde uitdrukkings berus die toekenning van semantiese eienskappe soos dapperheid aan Richard en wreedheid aan wolf tog op 'n kennisname van hulle sisteem van letterlike gemeenplasinghede. Bowendien berus die oorskryding van semantiese seleksiebeperkinge in albei die bostaande gevalle op die logies-valse stelling dat 'n lid van die klas (mens) ingesluit sou wees in die klas (dier). Meer nog: soos aangetoon, kan daar heel gemaklik vir Black se "interaksionistiese" (8) dieselfde tipe vergelykings gesubstitueer word as wat hy self voorstel vir 'n verklaring van (77)(i).

Vanaf Aristoteles tot in die beskouinge van die mees resente teoretici is die opvattinge oor die verhouding tussen metafoor en vergelyking, veral in kopulasinne soos dié hierbo, sterk uiteenlopend. Aan die een kant word beweer dat die metafoor 'n verkorte vergelyking is, aan die ander kant word die verskille tussen die twee benadruk.⁷⁹⁾ 'n Resente uiteensetting, wat myns insiens die nodige helderheid bring in die teenstrydige opvattinge oor metaforiese uitdrukkings soos dié in (77) en (8), word gegee in die studie van Mack (1975).⁸⁰⁾ Die skryfster onderskei eerstens tussen metafoor en vergelyking met behulp van die volgende voorbeelde:

- | | | | |
|------|-----------------------------|---|-------------|
| (78) | i. He is a fox | } | Metafoor |
| | ii. He foxed us | | |
| | iii. He is like a fox | } | Vergelyking |
| | iv. He is as canny as a fox | | |

Let op dat, behalwe like, ook leksikale items soos as of resemble grammatikale aanduidings van 'n vergelyking kan wees.⁸¹⁾ Binne die bostaande onderskeiding tussen metafoor en vergelyking kan dan verdere nuanseringe aangebring word:

- | | | |
|------|---------------------------------|---------------------------|
| (79) | i. She is as swift as a gazelle | - eksplisiete vergelyking |
| | ii. She is like a gazelle | - implisiete vergelyking |
| | iii. She is a gazelle | - metafoor |

Alhoewel die bostaande reekse van mekaar onderskei kan word op formele

gronde, is die hoofstelling in Mack se argumentasie dat vir almal nietemin dieselfde dieptestruktuur gepostuleer kan word. Die kriteria wat geld vir eksplisiete vergelykings, geld dus ook vir die dieptestruktuur van implisiete vergelykings en metafore. Alle verskille tussen die reekse in (79) sal dan in die oppervlaktestruktuur geregistreer word deur middel van delesiëtransformasies. Die volgende hoofkriteria geld vir eksplisiete vergelykings:

- (A) AN ASSERTION AND A PRESUPPOSITION MUST BE CONJOINED - IN THAT ORDER - BY A COMPARISON MARKER. That is, a statement of fact, measurable and verifiable, must be conjoined with a metalingual statement of language use, a partial definition. Put still another way, the first Argument may be specified or not, but it cannot be generic; the second Argument must be generic, either an indefinite item designating a class, or else a class itself; the compared Predicate must be presupposed of the second Argument, but cannot be of the first.
- (B) THE ASSERTION MUST REFER PROPERLY; THE PRESUPPOSITION MUST BE ACCURATE OR CORRECT. (1975:222)

Volgens die bostaande kriteria word in eksplisiete vergelykings soos

(79) i. She is as swift as a gazelle

die eienskap wat vergelyk word (swift) gegee, alhoewel die leser ook ander kan konstrueer. In hierdie tipe vergelyking is die vergelykingspredikaat dus aanwesig in die oppervlaktestruktuur van die metaforiese uitdrukking. By implisiete vergelykings soos

(79) ii. She is like a gazelle

is die vergelykingspredikaat geskrap in die oppervlaktestruktuur. Nou kan nie alleen hierdie vergelykingspredikaat nie agterhaal word nie, maar ook die informasie dat die eerste argument 'n stelling en die tweede 'n presupposisie is, word nie gegee nie. Uiteindelik word in uitdrukking soos

(79) iii. She is a gazelle

ook die vergelykingselement self geskrap. Nie alleen kan die vergelykingspredikaat en die stelling/presupposisie-informasie nou nie agterhaal word nie, maar alle tekens van vergelyking is afwesig, en die tweede argument moet herinterpreteer word as 'n predikaat. 'n Gemeenskaplike dieptestruktuur vir in die oppervlakte nogal ingrypende

verskillende metaforiese uitdrukkings hou volgens die skryfster die volgende voordele in:

Positing the same deep structure for all metaphoring, even though simplicity would seem to argue against it, can help explain how we give metaphors and similes nonliteral interpretations; how we give them similar interpretations; how we can disambiguate them from literal assertions, literal comparisons and metalingual comparisons; how we can give them several different metaphorical interpretations; and how we can distinguish them from other types of figure, such as metonymy and zeugma. (1975:227).

Veral belangrik is eerstens 'n eksplisering van die verwarrende oppervlaktevorme van implisiete vergelykings en metafore. Mack beweer dat albei vorme die vermomming aanneem van ander tipe konstruksies: "simile appears to compare, while metaphor appears to equate" (1975:228). Om aan te toon dat 'n vergelyking nie werklik "vergelyk" nie, is dit nodig om te onderskei tussen 'n letterlike ooreenstemming of vergelyking ("literal comparison") en 'n figuurlike vergelyking ("simile").⁸²⁾ In 'n sin soos

(79) iv. That girl is as swift as a given gazelle, that one over there

is daar sprake van 'n definitiewe bokkie met die oog op 'n letterlike vergelyking. Hier word dus nie 'n bewering verbind aan 'n presupposisie nie - soos dit wel die geval is in metaforiese uitdrukkings - maar twee letterlike stellings word vergelykend gekombineer. Daar-teenoor impliseer die eksplisiete vergelyking

(79) v. A girl is as swift as a gazelle

dat enige meisie so vinnig is as enige bokkie. Hierdie stelling is duidelik nie letterlik waar nie en daarom nie soos die eerste 'n letterlike vergelyking nie. Die rede daarvoor is dat in (79)(v) 'n stelling verbind is aan 'n presupposisie, dit wil sê aan 'n gedeeltelike definisie. Hierdie eksplisiete vergelyking gee dus voor dat dit vergelyk, maar in werklikheid fungeer dit om die eienskap "swiftness" toe te voeg aan 'n bepaalde meisie via 'n uitgebreide presupposisie. Die bostaande eksplisering kan dus volgens die skryfster 'n einde maak aan die wanopvatting dat vergelykings bedoel is en geïnterpreteer moet word as letterlike feitlike vergelykende stellings.⁸³⁾ Met

hierdie redenasie het Mack dan myns insiens oortuigend aangetoon dat 'n figuurlike vergelyking NIE soos Guenther en Black beweer essensieel fungeer as 'n eksplisering van 'n substitusie-opvatting van die metafoornie. Daarmee het sy bowendien oortuigend uitgewys dat óók vergelykings interaksionisties verklaar kan word op dieselfde manier as wat Black, Matthews en Abraham gedoen het met "Man is a wolf", en wel omdat die presupposisie van 'n eksplisiete vergelyking, dit wil sê die fokus=onderwerp, bepaalde eienskappe oordra op die stelling, dit wil sê die tenoronderwerp.

Dit is verder ook nodig om 'n metafoor te onderskei van 'n letterlike stelling. Vergelyk hier weer

(79) iii. She is a gazelle

Hierdie metaforiese uitdrukking sou op die volgende twee maniere verstaan kon word:

(79) vi. She (human female) is the same as a gazelle

vii. She (human female) is like a gazelle in X-ness

Die eerste is 'n letterlike maar vals gelykstelling wat identifiseer eerder as vergelyk. Dit is omkeerbaar soos alle konstruksies met om te wees (vergelings is níe omkeerbaar nie). Die tweede vergelyk geskrapte predikate in 'n proses van metaforisering, en om te wees is 'n leë morfeem. Hieruit word duidelik dat (79)(iii) níe werklik 'n identifiserende uitdrukking is nie. 'n Vergelyking in die diepte=struktuur van metafore elimineer dus die wanopvatting dat hierdie tipe metaforiese uitdrukkings nie vergelyk nie maar wel op een of ander manier identifiseer sonder om vals te wees. ⁸⁴⁾

By sowel 'n implisiete vergelyking as 'n metafoor (by 'n eksplisiete vergelyking is dit in elk geval voor-die-hand-liggend) is die funksie van die presupposisie ten opsigte van die stelling die oordrag en behadrukking van eienskappe wat nie gewoonlik geassosieer word met die subjek NP van die stelling nie. Let op dat hierdie konklusie van Mack ooreenstem met Black se verduideliking van die metaforiese proses in "Man is a wolf". Deur middel van die verbinding tussen stelling (man (is)) en presupposisie ((a) wolf) word daar immers eienskappe soos

onder andere wreedheid en bedrieglikheid oorgedra op man. Black het beklemtoon dat die tenoronderwerp deur die interaksie met die fokus=onderwerp in 'n nuwe lig gestel word. Mack se metaforiese uitdrukking "IMPOSES a way of seeing, feeling, connecting and judging: it forces the speaker's unique and momentary 'world-creating' and 'contrary-to-fact' perspective on the hearer" (1975:248).

Om soos Mack 'n gemeenskaplike dieptestruktuur te postuleer vir eksplisiete vergelykings, implisiete vergelykings en metafore is om daardeur te beklemtoon dat 1) hierdie metaforiese uitdrukkings 'n onderliggende analogiese element gemeenskaplik het,⁸⁵⁾ en 2) hulle almal deur middel van 'n fokus of vehicle (Mack se presupposisie) ongewone of onverwagte eienskappe oordra op die tenor (Mack se eerste argument of stelling). Ten einde die unieke insig te probeer agterhaal wat op so 'n wyse tot stand kom in metaforiese uitdrukkings, blyk 'n interaksionistiese interpretasie daarvan noodsaaklik te wees. So 'n beklemtoning van 'n gemeenskaplike dieptestruktuur en 'n eenvormige interpretasieprosedure beteken egter nie dat die oppervlakteverskille tussen die bostaande uitdrukkings geen semantiese implikasies sou hê nie. Mack wys juis daarop dat delesiepatrone van 'n gemeenskaplike dieptestruktuur 'n verduideliking verskaf vir potensiële veelvoudige lesings van implisiete vergelykings en metafore. Vergelyk hier weer die reekse

- | | | | |
|------|------|------------------------------|---------------------------|
| (79) | i. | She is as swift as a gazelle | - eksplisiete vergelyking |
| | ii. | She is like a gazelle | - implisiete vergelyking |
| | iii. | She is a gazelle | - metafoor |

In die reekse (79)(ii) en (iii) hierbo is daar sprake van 'n "irrecoverable unspecified predicate" (1975:235). 'n Poging om (79)(ii) en (iii) te verklaar in terme van die eienskappe van die presupposisie, met ander woorde van die vehicle, sou onder meer die volgende kon inhou:

- | | | |
|------|-------|---|
| (79) | viii. | that she runs quickly and lightly |
| | ix. | that she is shy |
| | x. | that she is dainty and light-boned |
| | xi. | that she has big brown eyes and a long slender neck |
| | xii. | that she is difficult to catch |
| | xiii. | or all of these - and so on |

Dit beteken dan dat (79)(ii) en (iii) as geïsoleerde mikroskopiese sintaktiese eenhede meer moontlike verklarings sou kon hê as (79)(i), waar die vergelykingsattribuut vasgepen word op swift. Weens hierdie veelvuldige potensiële betekenis van metaforiese uitdrukkings verwerp Mack die opvatting dat dit vervang sou kon word met 'n letterlike term - met ander woorde 'n substitusie-opvatting van die metafoor is onaanvaarbaar. Dit is verder so dat die hoeveelheid moontlike interpretasies saamhang met die aantal delesies in die dieptestruktuur - hoe meer informasie verswyg is in die oppervlaktestruktuur, hoe wyer word die moontlike aantal verklarings vir die metaforiese uitdrukking. Mack beweer dan ten slotte dat die verskil tussen vergelyking(s) en metafoor nie essensieel ("crucial") is nie maar eerder gradueel ("allo-morphic") (1975:236).⁸⁶⁾

Let op dat die bostaande verklaring ook van toepassing is op die reekse (8)(i) tot (iii) in vergelyking met Black se (8):

(8) Man is a wolf

(8) i. Man is like a wolf

ii. Man is like a wolf in being vicious, predatory, etc.

iii. Man is vicious like a wolf

Black se oorspronklike voorbeeld (8) het nog altyd meer moontlike betekenisassosiasies as die (ter wille van die illustrasie) gerekonstrueerde reekse (8)(i) tot (iii). Eienskappe soos nagtelik, menssku (Matthews) of bloeddorstig, wild en vraatsugtig (Abraham) is byvoorbeeld weggelaat uit die eksplisiete vergelykings hierbo maar daarom nie uitgesluit van die metafoor (8) nie. Vergelyk teenstellend Black se "stock example"

(77) i. Richard is a lion

met die ooreenstemmende implisiete en eksplisiete vergelykende vorme daarvan:

(77) ii. Richard is like a lion

iii. Richard is as brave as a lion

'n Mens het hier te make met 'n geleksikaliseerde metafoor waar die attribuut dapperheid as letterlike vervanging vir die vergelyking van

'n bekende historiese persoonlikheid met 'n leeu kan dien. Hierdie geval is dus sowel in die vorm van (77)(i), waar die vergelykingspredikaat geskrap is, as in die vorm van (77)(iii), waar brave teenwoordig is in die oppervlaktestruktuur, verklaarbaar binne 'n substitusie-opvatting van die metafoer. 87)

Samevattend kan van sowel implisiete as eksplisiete vergelykings gesê word dat hulle nie sonder meer getipeer kan word as meer eksplisiete verklaringsmeganismes vir 'n substitusie-opvatting van die metafoer nie. Vergelyking of analogie is 'n noodsaaklike element van alle metaforiese uitdrukkings; die verskil tussen 'n vergelyking en 'n metafoer is daarom slegs gradueel. Waar in die argumentasie tot dusver 'n interaksionistiese benadering van die metafoer as die mees effektiewe interpretasieprosedure vir metaforiese uitdrukkings uitgewys is, kan óók vergelykende vorme van figuurlike taalgebruik daarom liefers op hierdie manier geanaliseer word. Slegs by geleksikaliseerde metafore sou 'n vergelykende vorm daarvan geïnkorporeer kon word binne 'n substitusieteorie van die metafoer.

Vervolgens kan die funksie van eksplisiete vergelyking(s) kortliks nagegaan word binne 'n makroskopiese gedigkonteks. Vergelyk in hierdie verband die volgende sonnet van W.H. Auden:

- (80)
1. Here war is simple like a monument;
 2. A telephone is speaking to a man;
 3. Flags on a map assert that troops were sent;
 4. A boy brings milk in bowls. There is a plan

 5. For living men in terror of their lives,
 6. Who thirst at nine who were to thirst at noon,
 7. And can be lost and are, and miss their wives,
 8. And, unlike an idea, can die too soon.

 9. But ideas can be true although men die,
 10. And we can watch a thousand faces
 11. Made active by one lie:

 12. And maps can really point to places
 13. Where life is evil now:
 14. Nanking; Dachau.

iv. FLAGS on a map assert that troops were sent;

Fokus

v. A boy brings milk in bowls. ...

Sonder om 'n uitvoerige verklaring te gee van die metaforiese taalgebruik, kan gewys word op die personifikasie van telephone en flags in (80)(iii) en (iv), deurdat hierdie subjekte in agenskasus (Lambert) die eienskappe [+lewend] en in hierdie gevalle ook [+menslik], verkry. Dit is egter 'n baie goeie geval om ook Sanders en Werth se beklemtoning van die leksikale implikasies van die nomina in gedagte te hou: onder invloed van die nie-lewende subjekte telephone en flags sou die element menslik geskrap kon word in die aksies van speaking en assert, sodat hierdie menslike handeling van praat en bevestig daardeur gemeganiseer sal word. 'n Mens sou kon sê hierdie menslike aksies kry die attribuut simple, sodat meganisering dan onthul word as 'n vereenvoudiging van menslike aktiwiteite. In hierdie omgewing van die de-personifiëring en/of meganisering sorg die menslike aksie van (80)(v) vir 'n kontrasterende element. Hierdie gedeelte sou beskou kon word as 'n sinmetafoor wat, gesien die vorige uitbreidende kwalifiserings van simple, die betekenis van 'n outomatiese of patroonmatige optrede verkry. Die kombinasie daarvan met "There is a plan..." in dieselfde versreël kan dan verder suggereer dat so 'n optrede 'n maklike oplossing aanbied vir die aktiwiteit van oorlog. Plan slaan egter waarskynlik terug op die inhoud van die hele kwatryn, sodat die drie kontinuerende stellings na die dubbelpunt in (80)(i) almal manifestasies sou kon wees van 'n eenvoudige of maklike benadering tot oorlog. Die feit dat (80)(i) 'n eksplisiete vergelyking is, en die feit dat die moontlike interpretasies van die kombinasie tussen tenor en vehicle daarmee beperk word tot een attribuut, werk in hierdie gedig dus duidelik nie betekenisverarmend nie, omdat 'n onverwagte attribuut op 'n ongewone wyse "ingevul" word om daardeur unieke insig te verleen in die hoofonderwerp war.⁸⁸⁾

Die tweede kwatryn van die sonnet bevat 'n hoogs eienaardige konstruksie met die grammatikale item wat die vergelyking aandui in die negatiewe vorm:

(80) vi. ...living MEN...who...unlike an IDEA, CAN DIE TOO SOON
Tenor Vehicle

plan/idea opgesluit lê vir men sluit vir laasgenoemde die moontlikheid van 'n te vroeë beëindiging van lewe nie uit nie. Let op dat die verbinding tussen die twee eksplisiete vergelykings versterk word deur 'n chiasiese verwysing, waarin nuwe tenor/vehicle-verhoudings tot stand kom: (simple) monument word 'n vehicle vir (living) men, en idea wys op dieselfde manier terug na die tenor war. Die siening van war as 'n mentale, abstrakte aktiwiteit word hierdeur versterk; 'n mentale aktiwiteit wat self nie beëindig kan word nie maar wat terselfdertyd die vroeggestorwe uitvoerders van die oorlogsidee reduseer tot 'n eenvoudige monument.

Die twee vehicles van die eksplisiete vergelykings hierbo word vervolgens in onderskeidelik die eerste en tweede terset van die sonnet gekontinueer: ideas word geëkspliseer as 'n paradoksale waarheid wat lei tot die dood; monument word onthul as die verskriklike werklike oorblyfsels van oorlog in respektiewelik die slagveld Nanking en die Joodse konsentrasiekamp Dachau. Die resultate van albei eksplisiete vergelykings van die oktaaf word dus interpreterend in die sestet saamgevat.

Die eksplisiete vergelykings is in hierdie sonnet die oorheersende prosedure in die totale metaforisering van die gedig. Dit is duidelik dat óók eksplisiete vergelykings semanties verruimend fungeer in die totstandbringing van metaforiese betekenis wat op geen ander manier as deur die interaksie tussen die dele van hierdie vergelykings verkry kon word nie.

Onafhanklike regverdiging vir die feit dat vergelykings saam met metafore 'n interaksionistiese benadering vereis, kan gevind word in Mooij se tipering van die vergelyking (soos die metafoor) as 'n linguistiese verskynsel wat 'n dubbele verwysing toelaat. Hierbo (vergelyk 3.2) is reeds daarop gewys dat, weens die beklemtoning van die rol wat die letterlike verwysing van die fokus/vehicle speel in interaksie-opvattinge van die metafoor, Mooij sulke teorieë bestempel as dualisties. Ter versterking van sy argumentasie wys Mooij daarop dat 'n verwysing na die letterlike ekstensie ⁸⁹⁾ van 'n metafories gebruikte leksikale item, wat 'n dualistiese benadering van figuurlike taalgebruik moontlik maak, dikwels versterk word deur

In toegevoegde vergelyking aan 'n metafoor. So 'n metafoor+vergelyking noem hy dan 'n "metarison". Ten einde die funksie van 'n toegevoegde vergelyking te illustreer, verwys Mooij na die volgende twee voorbeelde uit die prosa van Joseph Conrad:

- (81) i. Into that narrowed circle furious seas leaped in,
struck and leaped out
- ii. Thunder squalls hung on the horizon, circled round
the ship, far off and growling angrily, like a troop
of wild beasts afraid to charge home

Die eerste is 'n alleenstaande metafoor terwyl die tweede 'n metarison is. Vervolgens voeg Mooij (1976:135-136) twee gerekonstrueerde sinne by hierdie voorbeelde: een 'n metarison, gevorm op die basis van die oorspronklike metafoor, en die ander 'n suiwer metafoor (dit wil sê sonder 'n vergelyking), gevorm op die basis van die oorspronklike metarison. Vergelyk hier die voorbeelde van Conrad, (81)(i) en (ii), met Mooij se gerekonstrueerde reekse, (81)(i)+ en (81)(ii)+:

- (81) i. Into that narrowed circle furious seas leaped in,
struck, and leaped out
- i+ Into that narrowed circle furious seas leaped in,
struck, and leaped out, like a troop of wild beasts
- (81) ii+ Thunder squalls hung on the horizon, circled round
the ship, far off and growling angrily
- ii. Thunder squalls hung on the horizon, circled round
the ship, far off and growling angrily, like a troop
of wild beasts afraid to charge home

By die interpretasie van (81)(i)+ en (81)(ii) word aan wilde diere gedink wat respektiewelik wild grom of spring en storm. Die implikasie hiervan is dan dat "as far as the comparison goes, the words 'growling angrily', 'leaped' and 'struck' refer to elements of their normal extension" (1976:136). 'n Leser wat die dualistiese opvatting onderskryf, sal daarom die verband sien tussen enersyds die metarisons van (81)(i)+ en (81)(ii) en andersyds die alleenstaande metafore van (81)(i) en (81)(ii)+. Ook in die alleenstaande metafore is daar naamlik alreeds verwysing na elemente van hulle letterlike ekstensie, met ander

woorde "they have kept their normal referential capacity" (1976:236). 'n Beklemtoning van die letterlike verwysing van die metafories gebruike leksikale items kan in ooreenstemming gebring word met die erkenning wat Black (1962:40) verleen aan die "system of associated commonplaces" van wolf in sy voorbeeld (8). In so 'n interaksionistiese opvatting sorg die fokusonderwerp, deur middel van oordrag van kenmerke, vir 'n nuwe insig in die tenoronderwerp. Hierdie selfde prosedure is toepasbaar op metafore met toegevoegde vergelykings, sodat Mooij se metarison interaksionisties geïnterpreteer moet word. Hierdie opvatting van Mooij kan vervolgens getoets word in 'n poëtiese teks waarin sowel alleenstaande metafore as 'n metarison aanwesig is. Vergelyk D.J. Opperman se

- (82) Man met flits
1. In die klein wit kol
 2. van my wete stol

 3. bruin en skerp 'n klip
 4. soos 'n bok wat skrik,

 5. staan, vinnig weghol
 6. uit die klein wit kol.

 7. Aan 'n takkie hang
 8. twee ogies wat bang

 9. uit die klein wit skyn
 10. van my flits verdwyn.

 11. Oor waters wat glip
 12. soek ek klip na klip

 13. maar 'n duister land
 14. bedreig my alkant.

Die metaforisering van die eerste drie verse van die gedig kan deur middel van die volgende rekonstruksie verduidelik word:

(82) i. 'n Bruin en skerp klip STOL in die klein wit kol van Fokus

my wete

Die verbale aksie stol is in hierdie sintaktiese eenheid die sentrale fokus, aangesien dit metafories bepaal word deur twee kontradeterminerende raamwerke: aan die een kant die nie-lewende subjek NP klip, en aan die ander kant die eenaardige, byna abstrakte, adverbiale preposisionele plekbepaling "in die klein wit kol van my wete". Die stollingsaksie word onder invloed van die vaste klip gekarakteriseer as iets wat 'n konkrete resultaat laat uitkristalliseer - 'n resultaat wat dan, eenaardig genoeg, setel in die "wete". Hierdie laaste relasie suggereer dat dit wat uitkristalliseer in die stolaksie, naamlik klip, 'n vehicle is vir 'n ongenoemde tenor vir iets soos kennis of die resultate daarvan. Wete vervang terselfdertyd die flits van die titel, sodat laasgenoemde vehicle sorg dra dat die geykte figuurlike assosiasie van wete/kennis met lig hier vasgeknoop word aan 'n bepaalde objek. Deur die genitief-verbinding "kol van my wete", waarin identifikasie plaasvind (Brooke-Rose se B = C formule) tussen die twee nomina, met ander woorde "my wete is 'n kol", word die begrensing van die vehicle flits (vir die tenor wete) as 'n liggewende objek eksplisiet gestel. 'n Begrensing wat natuurlik versterk word deur die kwalifiserende adjektiewe klein en wit. Nietemin: dit wat uitkristalliseer in die "lig" van die kennis is vas, seker, goed sigbaar en skerp omlin (vergelyk vir die laaste twee eienskappe die aandeel van die twee adjektiewe bruin en skerp).

Die volgende drie versreëls van die gedig vorm 'n toegevoegde vergelyking vir die eerste drie verse. Die eerste sin van die gedig, vers 1 tot 6, is dus 'n voorbeeld van Mooij se metarison. Die effek hiervan is dat die eerste drie verse die status verkry van 'n saamgestelde tenor (terselfdertyd weens die metaforisering uitgewys in (82)(i) 'n gekompliseerde kontradeterminerende raamwerk) wat belig word deur 'n saamgestelde vehicle in vers 4 tot 6. Hierdie beligting geld veral die subjek NP klip en die verbale aksie stol. Die vaste, nie-lewende klip word nou geïdentifiseer met 'n lewende dier bok. Onmiddellik opvallend is hier die kontras tussen die statiese en die potensieel beweeglike of bewegende. Veral word hierdie kontras egter

uitgewerk in die drie verbale vehicles vir die sentrale fokus stol, wat nou 'n verbale tenor word vir skrik, staan en (vinnig) weghol. 'n Hele ontwikkeling vanaf stilstand tot beweging word in hierdie paradigmatische verbinding voltrek: skrik verklaar die stol van vers 2 as 'n momentele stilstand van vrees; staan is nog staties, maar alreeds met 'n sterk potensie van beweeglikheid; (vinnig) weghol hef die stilstand van stol heeltemal op. Die eerste en laaste verba van sin 1, wanneer dit gelees word saam met die plekaanduidende preposisies in en uit, onthul 'n verdere aspek van hierdie verandering vanaf stilstand na beweging: die ontglippende aspek van die beweging maak die "beligte" resultaat van wete veel moeiliker waarneembaar. Sonder om 'n gedetailleerde analise te gee van die res van die gedig, kan laastens daarop gewys word dat die ontwikkeling stol/skrik/staan/weghol 'n parallel het in hang/verdwyn en glijp in die twee oorblywende sinne van die gedig. Dit val op dat hang as die statiese element in vergelyking met stol/skrik/staan al klaar veel minder "vas" is; verdwyn in vergelyking met weghol beklemtoon die toenemende onsigbaarheid van die beligte objek, terwyl glijp uiteindelik 'n finale versterking is vir die ontglippende element in die gedig.

Die sentrale posisie en die belangrike funksie van die metarison in "Man met Flits" kan nie betwis word nie. Hierdie toegevoegde vergelyking bring nuwe insigte tot stand, wat alleen verklaarbaar is binne 'n dualisties-interaksionistiese beskouing van die metafoer. Hierdie insigte sorg verder vir enersyds retrospektiewe "invulling" van die metaforiese proses in vers 1 tot 3, en andersyds 'n vooruitwysing na die ontwikkeling wat hom voltrek binne vers 7 tot 14 van die gedig. ⁹⁰⁾

Hiermee is dan aangetoon dat 'n dualisties-interaksionistiese benadering van metaforiese taalgebruik ook uitgebrei moet word na 'n analise van implisiete vergelykings, eksplisiete vergelykings en metarisons in poëtiese tekste. Daar is verder aangetoon dat al hierdie soorte vergelykings bestaansreg het naas die metafoer en dat alle dergelike metaforiese uitdrukkings ingrypende semantiese implikasies inhou vir dit wat die gedig uiteindelik wil kommunikeer.

B. TOEPASSING

4. ANALISE EN INTERPRETASIE VAN METAFORIESE TAALGEBRUIK IN "KONTRAK" -
D.J. OPPERMAN

In die vorige drie afdelings is verskeie opvattinge oor die herkenning en interpretasie van metaforiese taalgebruik bekend gestel en geïllustreer soos dit gemanifesteer word in mikroskopiese sowel as makroskopiese kontekste. Daar is gevind dat 'n prosedure van interaksie - sintagmaties en paradigmatis - grondliggend is aan die metaforiese proses. Daar is verder gevind dat so 'n metaforiese interaksie, indien dit lei tot 'n sinvolle kommunikasie-uiting, die gelyktydige aanwesigheid vereis van inkongruente sowel as analoë verbindings tussen die letterlik en figuurlik fungerende leksikale items in metaforiese uitdrukkings. Die metaforiese taalgebruik van D.J. Opperman se "Kontrak" sal vervolgens so indringend moontlik bekyk word. In hierdie analise sal die verskillende nuanserings van die interaksieprosedure, soos dit beliggaam word in die aanpassings en uitbreidings van die bespreekte teorieë oor figuurlike taalgebruik in die afdelings hierbo, geëksploiteer word in 'n poging tot interpretasie van die metaforisering in hierdie gedig:

(83) Kontrak

1. U het die wêreld oopgeskiet
2. tot grot en gramadoela;

3. toe die blaar en riet,
4. U arbeiders, gestuur; wortels
5. wat nederig werk, die mier
6. wat stokkies dra
7. en beitelpunt van die rivier.

8. U droom met dinamiet
9. en laat aan arbeiders
10. die besonderhede en verdriet.

Die eerste vers van die gedig is 'n selfstandige sintaktiese eenheid met 'n subjek NP U, en 'n VP wat vertak in 'n verbum het oopgeskiet en 'n objek NP die wêreld. In tradisionele terme: dit is 'n sin met

'n onderwerp U, 'n gesegde het oopgeskiet en 'n direkte voorwerp die wêreld. Die pronomens U in vers 1 en 8 verwys na God, aangesien dit ook in vers 4, waar dit nie die eerste woord van 'n nuwe sin is nie, met 'n hoofletter geskryf word. 'n Grammatikale skryfkonvensie maak die identiteit van die U in die gedig dus herkenbaar. Die groepering van die objek NP die wêreld saam met hierdie subjek NP U, wat as pronomens die nomen God vervang, skep dus bepaalde verwagtinge ten opsigte van die moontlike verba wat sintakties met hierdie NP's gekombineer sal kan word. Hierdie verba sal naamlik waarskynlik moet verwys na bepaalde goddelike aksies wat met "die wêreld" geassosieer sal kan word. Het dui verlede tyd aan, sodat die moontlike goddelike aksies dan "histories" bepaald is: ten opsigte van "die wêreld" word òf die totstandkoming, òf die vernietiging daarvan onmiddellik as moontlikhede gesuggereer. Gegee die volgende reeks leksikale items

(83) i. U het die wêreld...

sou 'n mens dus as ontbrekende verlede deelwoord kon invoeg òf geskape (skepping) òf verdelg (sondvlod). 'n Mens het dus in die sintaktiese eenheid van die eerste vers

(83) ii. U het die wêreld OOPGESKIET

Fokus/Vehicle

'n geval van Leech (1966) se paradigmatische vooropstelling, waar oop=geskiet 'n onverwagte woordkeuse is op hierdie plek in die lineêre opeenvolging van leksikale items. Soos reeds aangetoon (kyk 1.4 hierbo) het Leech in sy verduideliking van die metaforiese proses gewys op die assosiatiewe waarde van die letterlik verwysende raamwerk van 'n metaforiese uitdrukking om 'n "collocational core" (1966:143) van leksikale items te suggereer in die plek van die "afwykende" metaforiese woordkeuse. Tussen ongewone woordkeuse en "normale" moontlikhede ontstaan dan 'n verhouding wat uitgedruk kan word as "...a connexion between the explicit vehicle (represented by the deviant item) and a less tangible cluster of associations constituting the tenour (and represented by the 'core' of customary collocations)" (1966:144). In hierdie geval kom dan 'n paradigmatische verbinding tot stand tussen eksplisiete verbale (Ingendahl en Lüdi in 1.4) vehicle oopgeskiet, en ongenoemde moontlike tenors geskep en verdelg. In die paradigmatische

superponering van die semantiese velde van tenor en vehicle op mekaar, speel analogiese elemente 'n belangrike rol (Lüdi). Hiervolgens lyk dit asof verdelg 'n waarskynlike tenor is vir oopgeskiet - die semantiese eienskap (vernietiging) is gemeenskaplik in die inhoud van elk van hierdie leksikale items. Die vehicle oopgeskiet betrek die verdelgingsaksie dan op 'n ander middel as water, wat die goddelike instrument van vernietiging was in die sondvloed. Vervanging van verdelging (deur water) met oopskiet het ook nog verdere implikasies: gesien die bekend veronderstelde Bybelse gegewens (Gen. 6,7,8 en 9), met die belofte dat die wêreld nooit weer deur water sou vergaan nie, word vernietiging nou oorgeneem deur 'n skietaksie, waarby onder andere vuurwapens geïmpliseer word. Die sintagmatiese inkongruensie tussen fokus en raamwerk vestig veral die aandag op die geweldige krag wat veronderstel word in só 'n skietaksie, wat die hele skepping moet vernietig. Vanselfsprekend word hierdeur ook die geweldige krag en effektiwiteit van die vernietigingsmiddele van hierdie skietaksie uitgelig. Dit lyk dus asof vernietiging van die skepping vertaal word in 'n moderne idioom, wat die skouspelagtige resultate van die 20ste eeuse tegnologie betrek.

Die eerste diep sintaktiese pouse in die gedig word aangedui deur die kommapunt aan die einde van strofe 1. 'n Makroskopiese strukturele eenheid, naamlik die groepering en afbankening van versreëls in 'n strofe, vorm dus 'n volgende selfstandige sintaktiese eenheid in die gedig:

(83) iii. U het die wêreld OOPGESKIET
Fokus/vehicle
tot grot en gramadoela;

Die fokus in hierdie groter sintaktiese eenheid bly nog steeds die verbum oopgeskiet, maar die kontradeterminerende raamwerk daarvan word uitgebrei deur die toevoeging van die preposisionele frase "tot grot en gramadoela". Hierdie frase kan beskou word as 'n kwalifisering van die objek NP "die wêreld" in vers 1 - die groter entiteit word verdeel in twee kleiner eenhede. Die toevoeging tot die kontradeterminerende raamwerk vir oopgeskiet spesifiseer dus die uitwerking wat die fokusaksie het op 'n leksikale item uit die letterlike raamwerk:

"die wêreld" verander "tot grot en gramadoela". Hierdeur word 'n nuwe aspek van die samestelling "oop + geskiet" belig. In (83)(ii) het die klem geval op die tweede gedeelte van die samestelling, waardeur 'n aksie van vernietiging ten opsigte van "die wêreld" gesuggereer is; in (83)(iii) verskuif die klem na die eerste gedeelte van die samestelling, sodat die vernietigende skietaksie heel onverwags "die wêreld" in 'n nuwe gedaante onthul. Die resultaat van oopgeskiet is dus nie algehele vernietiging te opsigte van die objek NP "die wêreld" nie maar eerder die verandering daarvan tot twee kleiner eenhede, naamlik grot en gramadoela. Hiervolgens lyk dit nou asof die eintlike tenor vir oopgeskiet nie verdelg is nie maar wel geskape. Anders gestel: die oopskietaksie is nie vernietigend nie, maar eerder skeppend. Die verrassende in so 'n proses is natuurlik die feit dat, in die superponering van die semantiese velde van tenor (geskep) en vehicle (oopgeskiet) op mekaar, inkongruensie (in plaas van analogie) in hierdie paradigmitiese relasie 'n deurslaggewende rol speel. Dit herinner aan Miller (vergelyk 1.2) se "negatiewe metafoor", waar die verskille tussen tenor en vehicle opvallender is as die ooreenkomste tussen hierdie dele van die metafoor. Die inkongruensie sorg hier veral daarvoor dat die skeppingsaksie getipeer word as 'n handeling of daad waar potensieel destruktiewe middele aangewend word om 'n kreatiewe verandering teweeg te bring.

Die middel waarmee 'n letterlike "oopskietaksie" uitgevoer sou kon word, word in vers 8 gegee in die adverbiale preposisionele frase "met dinamiet". Vergelyk:

(83) iv. U DROOM met dinamiet
Fokus/vehicle

Die adverbiale kwalifikasie "met dinamiet" is in (83)(iv) sintakties verbind met die verbum droom; semanties wys dit egter terug na die verbum oopgeskiet in vers 1. Hierdeur word die goddelike aksies, droom en oopgeskiet, vergelykbaar, aangesien hulle uitgevoer word met dieselfde middel. Anders gestel: in die makroskopiese gedigeneheid word 'n analogiese element tussen andersins uiteenlopende leksikale items ontdek, waardeur die moontlikheid gesuggereer word dat die twee fokusse oopgeskiet en droom gegewe vehicles sou kon wees vir 'n gemeenskaplike ongenoemde tenor geskep. Oopgeskiet is rees hierbo

- op grond van sintagmatiese en paradigmatische relasies - geïnterpreteer as 'n skeppingsaktiwiteit waarby vernietiging klaarblyklik 'n belangriker rol speel. Sō 'n interpretasie van die skeppingsaktiwiteit word ondersteun deur die groepering van leksikale items in (83)(iv): die sintagmatiese inkongruensie tussen die verbale fokus droom, wat 'n abstrakte denkaktiwiteit suggereer, en die adverbiale kwalifikasie uit die letterlik verwysende kontradeterminerende raamwerk met dinamiet, wat 'n kragtige ploffstof voorstel, assosieer naamlik intellektuele kreatiewe denke met gewelddadigheid en krag. Die skeppingsaktiwiteit word dus metafories uitgedruk met behulp van twee vehicles. Die onderliggende "logiese formule" (De Villiers) sou gerekonstrueer kon word as

- (83) v. Die skeppingsaktiwiteit is tegelyk 'n oopskietaksie en
Tenor Vehicle

'n dromende denkproses
Vehicle

So 'n rekonstruksie laat egter nie ten volle reg geskied aan die nuanserende ooreenkomste en verskille tussen die verba nie. Vergelyk:

- (83) vi. Geskep = oopgeskiet + droom
Tenor Vehicle Vehicle

Op sigself genome, dit wil sê sonder die gemeenskaplike saambindende kwalifisering "met dinamiet", val die verskille tussen die twee verbale vehicles op: oopgeskiet is 'n konkrete aksie in die verlede tyd; droom, daarenteen, dui op abstrakte denke in die teenwoordige tyd. Die verlede tyd van die eerste verbum maak die kragtige skeppingsdaad 'n voldonge historiese feit; die teenwoordige tyd van die tweede verbum dui aan dat die skeppingsaktiwiteit nog steeds in die hede beplan word. Die feit dat die kreatiewe denke voorgestel word as droom, suggereer 'n aksie wat nie aan bande gelê word deur 'n konkrete werklikheid nie, met ander woorde 'n proses waarin selfs die onmoontlike moontlik sou kon wees. Hierdie twee verbale vehicles, oopgeskiet en droom, sorg dan gesamentlik daarvoor dat die skeppingsaksie getipeer word as 'n historiese, kragtige gebeurtenis, wat nog kreatief-denkend in die hede beplan word.

Let op dat die twee selfstandige sintaktiese eenhede, strofe 1 (83)(iii) en vers 8 (83)(iv), binne die makroskopiese gedigene goddelike aksies uitsonder, wat die uitsluitlike aandeel van die U in die totstandkoming van die skepping verteenwoordig. Die verbinding tussen die twee verbale fokusse, oopgeskiet en droom, word verskaf deur die uitgestelde adverbiale bepaling met dinamiet, wat deel vorm van die kontradeterminerende raamwerk vir albei fokusse. 'n Mens het hier dus 'n verbinding tussen twee fokusse wat bewerkstellig word deur 'n gesuspendeerde stuk raamwerk (Miller aangepas). Behalwe die feit dat die fokusse oopgeskiet en droom daardeur gesamentlike vehicles word vir 'n gemeenskaplike versweë tenor geskep (vergelyk hierbo), het hierdie gesuspendeerde gedeelte van die kontradeterminerende raamwerk ook nog verdere semantiese implikasies vir 'n interpretasie van die gemetaforiseerde skeppingsproses in hierdie gedig. Indien die gedeelte "met dinamiet" sou voorgekom het saam met oopgeskiet in (83)(ii), sou die vernietigingselement van hierdie vehicle sterker beklemtoon gewees het, en sou dit dus gedien het as versterking vir die keuse van verdelg as versweë tenor vir oopgeskiet. Juis omdat hierdie destruktiewe middel egter uitgestel word tot vers 8, is die potensieel vernietigende krag daarvan reeds positief gekwalifiseer deur die toevoeging van "tot grot en gramadoela" tot die kontradeterminerende raamwerk vir oopgeskiet. 'n Potensieel destruktiewe middel is dus konstruktief gebruik in die fisiese vervorming van "die wêreld" tot "grot en gramadoela". Die kragtigheid van so 'n middel of instrument word egter ook oorgedra op 'n kreatiewe denkkrag, wat dan die skouspelagtige en "onmoontlike" in die skeppingsvermoë van die U suggereer. Let egter daarop dat die semantiese verbinding tussen dinamiet en oopgeskiet weer die laaste gedeelte van die verbale samestelling beklemtoon. Alhoewel hierdie potensiele aksie van vernietiging dus konstruktief getipeer word deur die resultate wat dit tot gevolg het, word die gewelddadigheid daarvan nietemin ook benadruk.

Die volgende selfstandige sintaktiese eenheid word ook afgebaken deur 'n kommapunt:

- (83) vii. toe (het U) die blaar en riet,
U ARBEIDERS, gestuur;
Vehicle

(Items tussen hakies staan nie in die gedigteks nie maar word nogtans bekend en teenwoordig veronderstel). 'n Mens het hier een van Brooke-Rose (vergelyk 1.3.2) se demonstratiewe formules, waar die skakel tussen tenor en vehicle gegee word in 'n bystelling of apposisie. Blaar en riet word dus geïdentifiseer met U arbeiders - in Brooke-Rose se tipering van die apposisie as demonstratiewe middel: "... a rather obvious way of replacing one term by another" (1958:93). Met behulp van De Villiers se "logiese formule" kan die verhouding tussen tenor en vehicle soos volg weergegee word:

(83) viii. Die blaar en riet is U ARBEIDERS
Tenor Tenor Vehicle

In die interaksie tussen tenor en vehicle word heel spesifieke eienskappe van die leksikale item arbeiders oorgedra op blaar en riet. Hierdie vehicle arbeiders word eers deur die besittlike pronomens U getipeer as verwysende na besondere werkers, wat aan God behoort. Die tenor blaar en riet sal daarom deur middel van die vehicle arbeiders kenmerke verkry soos (goddelik), (menslik) en (werker). In Rosemarie Gläser (vergelyk voetnoot 53) se klassifikasie van nomina sal blaar ingedeel word onder die volgende vertakking: (konkreet), (nie-lewend), (fisiese objek), (natuur) en (organies), terwyl riet tuishoort by (konkreet), (lewend), (nie-menslik) en (plant). Deur dat blaar en riet nou verhef word tot goddelike arbeiders, beteken dit dat die normale verwysingsraamwerk van die vehicle uitgebrei word om enersyds ook organiese, nie-lewende, natuurlike fisiese objekte soos blaar, en andersyds plantaardige, nie-menslike, lewende en konkrete gevalle soos riet in te sluit. Die twee tenors blaar en riet, en die vehicle arbeiders, vertoon dus sintagmatiese inkongruensie ten opsigte van die volgende botsende semantiese kenmerke: in die relasie blaar/arbeiders tussen die teenoorstaande kenmerke (nie-lewend)/(lewend); in die verhouding riet/arbeiders tussen die kontrasterende eienskappe (nie-menslik)/(menslik). Behalwe hierdie uiteenlopende kenmerke van die tenors en vehicle in (83)(viii) hierbo, is daar ook nog verdere kontraste te bespeur tussen hierdie twee pole van die metaforiese uitdrukking: blaar en riet deel die eienskappe (klein), (fyn), (nietig) teenoor die sublieme en "grootse" eienskap (goddelik), wat aan arbeiders toegesê is deur die attributief-fungerende besitspro-

nomen U. Nietige elemente uit die natuur word dus metafories gekwalifiseer as besondere en "meer-as-menslike" werkers, en die goddelike werksaamheid word uitgebrei tot die fynste natuurlike entiteite.

Soos blaar is ook wortels in die volgende gedeelte 'n natuurlike, nielewende, konkrete objek:

(83) ix. wortels wat NEDERIG werk
Fokus

Die adverbium nederig is 'n voorbeeld van een van Ingendahl (1971:40) se "Adverbialadjektive", met ander woorde dit is 'n adjektief wat diens doen as 'n adverbium. Brooke-Rose (1958:249) het gewys op die dubbele funksie van sommige metafories gebruikte adverbiala: "Theoretically it qualifies an action, but it can in fact apply to the noun...". In die gedeelte hierbo word die verbum werk dus gekwalifiseer as "nederig", maar terselfdertyd verwys die adverbiale fokus ook na die nomen wortels. Die impliserende krag van die adverbiale fokus betrek dus twee leksikale items uit die kontradeterminerende raamwerk: wortels word gepersonifieer, deurdat nederig 'n nomen vereis met die eienskap (menslik); werk word getipeer as 'n onpretensieuse aksie. Semanties verwys die verbum werk in (83)(ix) hierbo egter terug na die fokus in (83)(viii), met ander woorde na die nominale frase "U arbeiders". Albei leksikale items is naamlik geassosieer met 'n bepaalde aksie waar (werk) of (werker) gemeenskaplike kenmerke is. Deur hierdie assosiasie van werk met U arbeiders verkry die "nederige" werksaamheid 'n sublieme karakter, en wortels word soos blaar en riet heel spesifieke goddelik-geïnspireerde arbeiders.

In vers 7 word die metaforisering bewerkstellig deur 'n genitiefverbinding:

(83) x. en BEITELPUNT van die rivier
B C

'n Mens het hier 'n geval van Brooke-Rose (vergelyk 1.3.1.4) se identifiserende genitiefrelasie, waar die twee terme van die metaforiese uitdrukking gelykgestel word, dus:

(83) xi. Die rivier is 'n BEITELPUNT

Tenor

Vehicle

BEITEL + PUNT
 (werk) (skerp)
 (kunstig)(fyn)
 (instrument)

Die tenor rivier is soos blaar en wortels 'n konkrete, nie-lewendende, natuurlike fisiese objek; waar die laasgenoemde twee egter die kenmerk (organies) gemeenskaplik het, verkry rivier in Rosemarie Gläser (voetnoot 53) se hiërargiese ordening van semantiese merkers die eienskap (nie-organies). Die vehicle is 'n samestelling waarvan die eerste deel, geïsoleerd beskou, of as 'n verbum of as 'n nomen kan fungeer. In die samestelling self doen dit diens as 'n nomen, wat die eienskappe (instrument) en (kunstig) oordra op die tenor rivier. Hierdeur verkry 'n natuurlike fisiese objek soos rivier die kenmerke (materieel) en (kunsprodukt) en word die instrumentele karakter van rivier daarmee beklemtoon. Soos blaar, riet en wortels is rivier egter ook een van die arbeiders wat in strofe 2 genoem word, sodat ook die geïmpliseerde aksie in die "beitel" van "beitelpunt" uitgelig word. Die tweede gedeelte van die samestelling suggereer dat daar met 'n fyn of skerp instrument gewerk word. In die interaksie tussen die semantiese velde van tenor en vehicle word rivier dus gespesifiseer as 'n kunstige instrument waarmee fyn werk uitgevoer word; terselfdertyd word die aksie wat normaalweg met 'n beitel uitgevoer word, veel wyer betrek op 'n natuurlike landskap.

Op sigself genome is daar geen oorskryding van semantiese seleksiebeperkings in die volgende gedeelte nie:


(83) xii. die mier wat stökkies dra

In die omgewing van al die ander gemetaforiseerde werkers in strofe 2, moet ook hierdie gedeelte egter figuurlik geïnterpreteer word - dit is dus 'n voorbeeld van 'n sinmetafoor. Soos riet het mier die kenmerke (nie-menslik), (lewend) en (konkreet); waar riet egter die kenmerk (plant) het, besit mier die eienskap (dier). Deurdat hierdie mier iets dra, word 'n moeitevolle werksaamheid gesuggereer, in die betekenis van iets soos (om 'n las te dra).

In die makroskopiese strukturele eenheid van strofe 2 word alle werkers metafories gespesifiseer deur die apposisie U arbeiders in vers 4. Die onderliggende struktuur van so 'n tipering kan soos volg voorgestel word:

(83) xiii. Die blaar en riet, wortels, die mier en die rivier
 Tenor Tenor Tenor Tenor Tenor
 is U arbeiders
 Vehicle


Ten einde opsommend die effek van die interaksie tussen die semantiese velde van die verskillende tenors en die gemeenskaplike meervoudige vehicle na te gaan, vergelyk die relevante gedeelte van Rosemarie Gläser (voetnoot 53) se boomdiagram van semantiese merkers en die indeling van die bogenoemde nomina in so 'n hiërargiese ordening:



Onder invloed van die vehicle U arbeiders verkry die onderskeie tenors verskillende semantiese eienskappe, wat 'n identifikasie daarvan met die vehicle moontlik maak (vergelyk Lambert, Sanders en Werth in 1.5.3.2 en 1.5.3.3 hierbo). Die leksikale items arbeiders, mier en riet is ingedeel onder die gemeenskaplike merker (lewend), sodat mier en riet slegs die eienskap (menslik) toegevoeg hoef te kry. Die gemeenskaplike merker tussen die vehicle arbeiders en die tenors blaar,

wortels en rivier is die hoër geordende eienskap (konkreet). Hierdie laaste drie tenors moet dus ook die eienskap (lewend) toegevoeg kry, ten einde gepersonifieer te kan word as werkers met die eienskap (menslik). Let op dat by rivier, deur sy assosiasie met die materiële, dit wil sê nie-natuurlike produk beitel, hierdie personifikasie ook nog moet geskied via die toevoeging van (natuur) as 'n semantiese eienskap. Die aktivering van nie-menslike (mier en riet), nie-lewende (blaar, wortels en rivier) en nie-natuurlike (rivier as beitelpunt) objekte tot goddelike arbeiders word dus deur die verskuiwing van tenors in die boomdiagram bewerkstellig. Omgekeerd dui die impliserende krag van die apposisionele vehicle U arbeiders op die verstrekkende deurdringing van die goddelike aandeel in die skeppingsproses. In hierdie verband is dit ook noodsaaklik om te let op die verbale leksikale item gestuur in die kontradeterminerende raamwerk vir die vehicle U arbeiders: al die werkers is "gesante", sodat die goddelike beplanning agter hierdie werkers en werksaamhede duidelik blyk.

In die makroskopiese strukturele eenheid van strofe 2 het sowel 'n sintagmatiese wisselwerking tussen fokus en raamwerk as 'n paradigmatische interaksie tussen die semantiese velde van tenors en meervoudige vehicle dus 'n bepalende aandeel in die metaforiese proses van hierdie gedeelte in die gedig. Vergelyk duidelikheidshalwe, saam met die uiteensetting van die paradigmatische interaksie in (83)(xiv), hier ook 'n skematiese voorstelling van die sintagmatiese relasies van strofe 2:



Indien sowel die paradigmatische interaksie van (83)(xiv) as die sintagmatiese wisselwerking van (83)(xv) in ag geneem kan word, kan die metaforisering van die leksikale items in (83)(xiii) hierbo meer genuanseerd aangedui word as:

- (83) xvi. blaar: (goddelik), (menslik), (lewend), (werker)
riet: (goddelik), (menslik), (werker)
wortels: (goddelik), (menslik), (werker), (lewend),
(nederig)
mier: (goddelik), (menslik), (werker), (lasdraend)
rivier: (goddelik), (menslik), (werker), (lewend),
(materieel), (kunsproduk), (instrument), (artistiek)
(skerp), (fyn)
arbeiders: (goddelik), (gesante) + uitbreiding en deur=
dringing na al die semantiese velde van die
nomina hierbo

Die analogiese elemente tussen die verskillende tenors hierbo word ver=
skaf deur die eienskappe (goddelik), (menslik) en (werker), wat via
die apposisionele vehicle U arbeiders oorgedra word op die bogenoemde
leksikale items. Dit val verder op dat die kenmerke (skerp) en (fyn),
wat rivier via sy identifikasie met beitelpunt verkry, ook inherent
aanwesig is in die "normale" of letterlike betekenisinhoud van blaar,
riet en wortels; by mier word skerpheid indirek geassosieer deur mid=
del van dit wat gedra word, naamlik stokkies. 'n Verdere analogiese
basis tussen die bogenoemde nomina is dus die eienskappe (skerp) en
(fyn). Dit is merkwaardig dat sintagmatiese inkongruensie by rivier
en mier daarvoor sorg dat eienskappe wat letterlik inherent is aan
die ander werkers, blaar, riet en wortels, juis deur metaforisering
toegevoeg word aan dié werkers wat hierdie eienskappe nie in hulle
letterlike verwysingsinhoud bevat nie. Hierdeur word gesuggereer dat
juis die eienskappe (skerp) en (fyn) ook by blaar, riet en wortels
vooropstaan. Hierdie gemeenskaplike kenmerke verskaf waarskynlik die
rede vir die uitsondering van juis hierdie objekte tussen al die ander
moontlike keuses in die skepping vir 'n verheffing tot U arbeiders.
Die inkongruente kenmerke van hierdie gemetaforiseerde goddelike wer=
kers dui dan aan dat die goddelike werksaamheid voortgesit word in
objekte met die uiteenlopende tiperings van (dier), (plant), (organiese
objek), (nie-organiese objek) en (materiële kunsproduk). Soos reeds
aangetoon, word die verstrekkende deurdringing van die goddelike werk=
saamheid in die uiteenlopende aspekte of elemente van die skepping hier=
deur aangedui.

Dit is dus duidelik dat inkongruensie en analogie gesamentlik en gelyktydig werksaam is in die bepaling van watter kenmerke oorgedra word tussen die verskillende leksikale items in die metaforiese uitdrukings van strofe 2. In die wedersydse interaksie van fokus/raamwerk en tenor/vehicle is dit ook inkongruente en analogiese eienskappe wat sorg dra dat besondere kenmerke van die leksikale items in so 'n metaforiese proses uitgelig word ten koste van ander (Abraham aangepas - vergelyk 1.5.2.2).

Ten slotte is dit nodig om te kyk na die aan- of afwesigheid van die bepaalde lidwoord in die verskeie nomina hierbo. Brooke-Rose (vergeelyk 1.3.1) bespreek die belangrikheid van partikularisering veral ten opsigte van vervangingsmetafore. In strofe 2 speel die graad van partikularisering egter 'n belangrike rol by sowel genoemde tenors as gegewe vehicle. Die bepaalde lidwoord suggereer volgens Brooke-Rose voorafkennis of bekendheid. In die teks hierbo word dit aangetref voor dié werkers wat afsonderlik genoem word: "die blaar en riet", "die mier" en "die rivier". Hierdie bepaalde lidwoord in sy verbesonderingsfunksie dra by tot die individualisering van die werkers, en versterk dus hulle metaforisering tot iets anders en "meer besonders" as natuurlike en letterlik verwysende objekte. Die eerste geval, "die blaar en riet" is interessant, aangesien die partikel ontbreek voor die tweede nomen. Hierdeur word die verwantskap tussen afsonderlike elemente beklemtoon. Voor "wortels" ontbreek die bepaalde artikel, en hierdie nomen word ook in die meervoudsvorm aangetref in die gedig. Dit gaan dus om 'n onbepaalde aantal gemetaforiseerde objekte, sodat die meervoudsvorm van "wortels" 'n uitbreidende en veralgemenende funksie het. Gesamentlik, ten opsigte van al die "werkers" in strofe 2, sorg die bepaalde lidwoord dus vir verbesondering, terwyl die meervoudsvorm dui op veralgemening. Op die belangrikheid van die attributief-fungerende besitspronomen U voor arbeiders is reeds gewys; die meervoudsvorm van hierdie laaste nomen is uiters funksioneel, aangesien U arbeiders as vehicle 'n versamelnaam is wat al die tenors in strofe 2 insluit.

Die gedeelte in die derde strofe wat terugwys na strofe 2 is:

(83) xvii. en laat aan ARBEIDERS

Vehicle

die BESONDERHEDE en VERDRIET

Fokus

Fokus

Arbeiders is reeds in strofe 2 metafories gespesifiseer en kan daarom ook hier in die herhaalde vorm beskou word as 'n meervoudige vehicle vir al die verskillende "werkers" in die genoemde gedeelte van die gedig. Dit val onmiddellik op dat die attributief-fungerende U nou in vers 9 voor arbeiders ontbreek. Hierdie ontwikkeling vanaf "U arbeiders" tot "arbeiders" dui op 'n onttrekking van die goddelike spesifikasie van die vehicle, en so 'n onttrekking sou verskillende semantiese implikasies kon hê. Dit sou byvoorbeeld onder andere kon beteken of dat die arbeiders groter selfstandigheid verkry in hulle werksaamheid, of dat hulle alleen gelaat word deur God, of selfs dat hulle nie meer goddelik-geïnspireerd werk nie.

Karrer (vergelyk 1.3.1.2) beskou 'n verbinding van twee leksikale items deur middel van en as parallelisme. By Thomas kom dit volgens die skrywer dikwels voor dat verskillende woordsoorte saamgevang word in so 'n verbinding met en - 'n grammatikaal ongelyke kombinasie wat Karrer dan "Aspekspannung" (1971:30-31) noem. In "Kontrak" is daar drie en-kombinasies van nomina: "tot grot en gramadoela" (vers 2), "...die blaar en riet" (vers 3) en "die besonderhede en verdriet" (vers 10).⁹¹ Hiervan is die laaste

(83) xviii. die besonderhede en verdriet

'n grammatikaal ongelyksoortige verbinding, aangesien die eerste nomen in die meervoud en die tweede in die enkelvoud voorkom. Semanties is daar 'n botsing tussen die kenmerke (nie-menslik)/(menslik) van onderskeidelik besonderhede, wat gewoonlik na byvoorbeeld 'n plan sal verwys, en verdriet, wat slaan op 'n menslike emosie. Hierdie identifikasie van ongelyksoortige dinge kan beskou word as sintagmatiese inkongruensie, wat metaforisering in die vooruitsig stel, en wat dan daartoe lei dat die semantiese velde van die twee nomina op mekaar betrek word. In hierdie mikroskopiese eenheid sou die verhouding tussen die twee nomina selfs gesien kon word as 'n tenor/vehicle-verbinding:

(83) xix. die besonderhede en VERDRIET

Tenor	Vehicle
[-meervoud]	[+enkelvoud]
(abstrak)	(abstrak)
(nie-menslik)	(menslik)
(detail)	(smart)
(beplanning)	

In die wedersydse interaksie tussen tenor en vehicle sal besonderhede geassosieer word met 'n menslike emosie soos smart, terwyl verdriet meervoudig en "beplan" word.

In die selfstandige sintaktiese eenheid, vers 9 en 10, kan albei die bogenoemde nomina egter beskou word as fokusse:

(83) xx. en (U) laat aan arbeiders
die BESONDERHEDE en VERDRIET
Fokus Fokus

Die verbum laat, in die betekenis van toelaat, kom nie in grammatikale Afrikaans voor saam met die preposisie aan nie. Dit is wel moontlik om "oorlaat aan", in die sin van "aan iemand toevertrou" of "iemand aan sy lot oorlaat" of "aan jouself oor(ge)laat", in hierdie sintaktiese posisie in te dink. Die preposisie aan suggereer egter ook 'n aksie van gee, sodat selfs "nalaat" vir hierdie sintaktiese posisie gesuggereer word. 'n Mens het dus hier 'n verbum laat in 'n sintaktiese posisie wat normaalweg gekombineer word deur verba soos oorlaat of selfs miskien nalaat. Alhoewel nie 'n oortreding van kategoriale reëls nie, herinner die bogenoemde verwisseling van verba aan Weinreich (vergelyk 1.5.3.1) se signalering van die semantiese implikasies wat 'n oordrag van sintaktiese kenmerke vir sulke gevalle inhou. In vers 9 word myns insiens die volgende betekenis gesuggereer: toelaat vir ("laat"), toevertrou (vir "oorlaat"), verlaat (vir "oorlaat") en (laat) verkry (vir "nalaat"). Die feit dat die verbum gevolg word deur 'n objek NP (vers 10), maak natuurlik 'n oorganklike verbum in die posisie van laat 'n noodsaaklikheid. Behalwe die ongewone kombinasie van "laat aan", het 'n mens hier dus ook nog te make met 'n oortreding van 'n subkategorisasieëel (vergelyk Chomsky in 1.5.1.1). Laat verkry dan in hierdie posisie die spesifikasie [+____NP] volgens Weinreich (aangepas). Die vereiste van oorganklikheid beklemtoon in die moontlike verba vir hierdie

posisie wat hierbo genoem is die betekenis van toevertrou en verkry. Ten opsigte van hierdie betekenis is dit wat verkry word dan eien-aardig, sodat "besonderhede en verdriet" as ongewone keuses die status verkry van fokusse. In die uiteensetting van die interaksie tussen die twee leksikale items is reeds gespesifiseer wat sō 'n "nalatenskap" inhou vir die "arbeiders": meervoudige, in detail beplande smart.

Vers 10 is egter ook 'n voorbeeld van Brooke-Rose (vergelyk 1.3.1.2) se demonstratiewe formule, waar die bepaalde lidwoord in sy versonderstelling van bekendheid terugwys na die voorafgaande konteks. Met Miller (vergelyk 1.2) kan 'n mens hier praat van 'n gesuspendeerde metaforiese uitdrukking waar die vehicle uitgestel is. Binne hierdie vehicle verwys besonderhede duidelik terug na strofe 2 se werkers met hulle gemeenskaplike eienskappe van (skerp) en (fyn), asook na die soort gedetailleerde werksaamhede wat hulle verrig (veral gesuggereer in "beitelpunt"). Ook verdriet, weens sy kombinasie met besonderhede, verwys egter terug na strofe 2. Retrospektief word die gesuggereerde menslike teenwoordigheid in leksikale items soos nederig, dra en beitelpunt (as materiële kunsproduk vervaardig deur die mens - vergelyk Gläser se diagram hierbo) geïnterpreteer as verdriet. Anders gestel: die terugwys van verdriet ontdek 'n element van smart as noodsaaklike deel van die in detail beplande werksaamhede van die werkers in strofe 2. Die menslike element word in die laaste woord van die gedig sterk op die voorgrond geplaas. Hierdeur word 'n bepaalde groei omlin vanaf die plantaardige blaar en riet, oor die menslik gespesifiseerde, natuurlike wortels, en die lewende en dierlike mier tot 'n "skepping-in-die-kleine" van die mens in beitelpunt - en dit alles kulmineer in die menslike emosie of gevoel verdriet. Soos dit die geval was met die verbum oopgeskiet en die bepaling met dinamiet fungeer 'n skynbaar negatiewe aspek positief in die proses van metaforisering: by oopgeskiet/met dinamiet is geweld en vernietigende krag nodig by die goddelike skepping; by verdriet is smart deel van die konstruktiewe werksaamhede van die goddelik "gestuurde" werkers.

Teen die agtergrond van die gemetaforiseerde skeppingsproses is die titel van die gedig 'n voorbeeld van Brooke-Rose (vergelyk 1.3.1.1) se vervangingsmetafoer, waar kontrak dan 'n genoemde vehicle is vir

die enkelvoud tussen die meervoudige arbeiders; die U se beplande aksie uitgevoer met behulp van 'n magtige instrument en met skou=spelagtige resultate; daarteenoor die arbeiders se klein, fyn, gedetailleerde voortsetting van die skeppingswerk binne riglyne deur die U vasgelê.

In verband met die bogenoemde onderskeiding tussen die kontraktante in die gedig is die verhouding tussen fokus en raamwerk interessant. Wanneer dit in A(i) en (ii) gaan om die grootse skeppingsdaad van die U, is die verba oopgeskiet en droom die fokusse, terwyl die instrument en die resultate van die betrokke fokusaksies in die kontradeterminerende raamwerke gegee word. In B(i) en (ii) draai hierdie verhouding presies om: die klem val op arbeiders as 'n sentrale fokus, waardeur al die verskillende objekte van strofe 2 by implikasie gemetaforiseer word, terwyl die aksies van die U nou deel vorm van die kontradeterminerende raamwerk. Hierdie verwisseling in fokusse vanaf enersyds aksies van die U tot andersyds objek NP's van die aksies van die U, registreer die aandeel van die kontraktante in die skeppingsproses. In die eerste gedeelte is die U alleenskepper; in die tweede word dit wat geskep is, geaktiveer om voort te werk binne die gegewe skepping. Die U is in die eerste gedeelte alleenskepper, terwyl die geskape arbeiders in die tweede gedeelte toegelaat word om op 'n beskeie skaal voort te bou aan die reeds beplande skepping. In hierdie "kontrak" is die U dus allesoorheersend: reeds in die totstandkoming van die skepping word voorsiening gemaak vir objekte met besondere eienskappe, wat die instandhouding en verdere uitbouing van die skepping sal verseker. Dit is 'n "werkskontrak" waarin die arbeiders die taak het om die "besonderhede" van die grootse skepping in te vul.